Tydskrif vir Letterkunde

MEI 1972 • NUWE REEKS X:2

Digitized by the Internet Archive
in 2017 with funding from
University of Pretoria, Library Services

https://archive.org/details/tydskrifvirlette00uns_a3f

tydskrif vir letterkunde

Redakteur:

COENIE RUDOLPH

Skakelredaksie:

J. J. Brits — W. A. de Klerk — André Demedts

B. le Roux — Joan Lötter — Koos Meij

Eben Meiring — Mie-jeanne Moelaert — P. J. Nienaber

Z. J. Pretorius — P. D. v.d. Walt — M. M. Walters

Mei 1972 Nuwe reeks X : 2

REDAKSIE-ADRES EN ADMINISTRATIEWE ADRES:

(Vir bydraes, intekening en sirkulasie)

TYDSKRIF VIR LETTERKUNDE, Posbus 1758, PRETORIA.

INTEKENGELD:

R3 per jaar. Los nommers: 75 sent per eksemplaar.

L.W.: Skole word versoek om direk by die bg. adres in te teken.

Die publikasie van hierdie tydskrif word moontlik gemaak deur 'n jaarlikse skenking van

DIE DEPARTEMENT NASIONALE OPVOEDING

en van

DIE AFRIKAANSE PERSFONDS

aan die Afrikaanse Skrywerskring wie se amptelike orgaan dit is.

Mening wat deur medewerkers uitgespreek word, is nie noodwendig menings van die redaksie of van die Afrikaanse Skrywerskring nie.

INHOUD

Hennie Aucamp	:	Wolf, Wolf, hoe laat is dit?	1
		GREPE UIT DIE KONGRES	
Opening	:	Mnr. Buks Fouché	15
Voorsittersrede	:	Mnr. J. J. Brits	20
Referaat	:	Mnr. W. A. de Klerk	26
Geleentheidsrede	:	Die Staatspresident,	33
H. J. Schepers	:	Lekplekke	36
Johann Mostert	:	Gedigte	40

VOORBLAD : Eugéne Marais se laaste tuiste op Pelindaba.
(Foto: Caru)

Aurora, Pretoria — 72/1191.

HENNIE AUCAMP

WOLF, WOLF, HOE LAAT IS DIT?

'n Groteske spel

Persone:

MATRONE —
TERBLAANS —
KOSTA —
ALFONS —
LADY —
KYTIE —
DIE KWARTEL —
TRUIA —
MEV. VAN DEVENTER —
MATHILDA —

TONEEL

Die sitkamer van die ouetehuis, *Soete Inval;* indien moontlik met 'n trap wat na 'n verdieping voer. Stoele; 'n tafel; 'n buffet, 'n klavier, potplante. 'n Prent wat prominent geplaas is: *Rots der Eeuwen.* Dit stel 'n meisie in 'n lang, deurskynende gewaad voor. Sy klamp haar aan 'n rots in die middel van die see vas terwyl die woeste golwe aan die voet van die rots breek. Die styl en sfeer van die skilery is Victoriaans. Hoë vensters wat op grys lug en winterbome uitkyk. Beligting speel 'n belangrike rol in die stuk: „grys" lig wat geleidelik verdiep. Wanneer die gordyn oopskuif, staan Die Oues in groepies rond, fluister kennelik ontsteld, en kyk na Matrone wat op die trap staan, 'n paar trappe bo die grondvlak, sodat sy oor Die Oues kan kyk. Twee Oues val onmiddellik op: die Kwartel wat sit en slaap, en Lady wat 'n uitdagende rooi pruik dra. Matrone word gesteun deur Terblaans. Stadig maar ferm, maak Matrone haar los van Terblaans. Terblaans skud haar kop simpatiek. Matrone, in swart geklee, en met 'n swart hoed op, haal 'n sakdoek uit haar handsak. Sy snuit haar neus uit en vee haar oë af. Wanneer sy haar handsak toeklik, is dit duidelik dat sy gereed is vir 'n aankondiging. Terblaans merk dit ook, en klap haar hande. Die Oues kom tot bedaring. Van Truia 'n gedempte „Stomme mens" voor Matrone begin praat.

MATRONE: Nou weet u wat my omstandighede is, liewe vriende: 'n enigste broer . . . op sy laaste. Ek móét hom gaan groet. *(Terblaans knik oordrewe. Algemene instemming. Woorde en reëls soos „Natuurlik", „'n Laaste kans," „Haar plig" kan gehoor word. Matrone hef haar hand op):*
Dankie, vriende, dankie; ek het geweet u sou verstaan. Nou bly my probleem dit: durf ek u alleen laat staan, of moet ek Dominee bel?

KYTIE: Hoekom vir Dominee bel, Matrone?

MATRONE: Kok én Nursie is weg, juffrou Sadie; Nursie het die dag vry, en kom vanaand eers terug, en Kok is weg bioskoop toe. As die berig net vroeër deurgekom het . . .

KYTIE: Ek kan nie sien hoekom ons nie die middag alleen kan bly nie.

LADY: Ek ook nie.

TERBLAANS *(terwyl sy na Lady kyk):* Ek wil nie stroom-op wees nie, Matrone, maar onthou u wat laas gebeur het toe ons alleen gebly het?

MATRONE *(ongemaklik):* Ek staan my iets voor, ja, maar ek is seker . . .

KOSTA *(wat op agtergrond gestaan het en die hele toneel sinies waargeneem het, tree na vore):* U kán gerus wees, Matrone; ons is grootmense, en ons weet wanneer daar nood is. Dis Saterdagmiddag, ons durf Dominee nie lastig val nie, want hy werk aan sy preek.
(In dié stadium toet 'n motor dringend voor die deur.)

TERBLAANS: Die taxi. Dink Matrone . . . ?

KOSTA: Mevrou Terblaans, nie almal in die tehuis is kinds nie. Party van ons kan nóg verantwoordelikheid dra — as dit móét.

MATRONE: Dankie, meneer Kosta; ek reken op u. Ek steun tog nie graag vir Dominee nie. Mevrou Terblaans . . . ?

TERBLAANS *(stroef):* Matrone?

MATRONE: Sal u en mevrou Van Deventer vir die koffie sorg?
(Die taxi toet weer.)
Hier's die sleutel. *(Matrone haal 'n sleutel uit haar handsak)* Vriende, dis tyd dat ek gaan; baie, baie dankie vir u samewerking. En nóú: soet wees, hoor? *(Al pratend stap Matrone deur toe; af, onder gegroet. Truia en Mathilda skarrel na die naaste venster om die motor te sien vertrek; wuif tot siens.)*

TRUIA: Treurig, so 'n swart motor. Nes 'n lykstasie.

DIE KWARTEL *(skrik wakker):* Hoe nou?

TRUIA: Kytie, praat jy met haar. My keel kan dit nie hou nie.

KYTIE *(skree naby Kwartel):* Matrone se broer lê op sterwe. Sy's met 'n taxi weg Kaap toe.

DIE KWARTEL *(ongeërg):* Ons moet almal gaan.

MATHILDA: Sy kon darem gehuil het.

TRUIA *(bestrawwend):* Sy hét gehuil.

MATHILDA: Maar effentjies. Sonder trane. Net sulke trekkings.

LADY: Asof daar by haar trane is . . Tweegesig. *(Boots Matrone ná):* Soet bly tot ek kom kinders. Mekaar nie seermaak nie né? *(Trek skielik Terblaans se hare)*

TERBLAANS: Eina, wat makeer jou!

LADY: Jy weet goed wat my makeer. Amper het jy ons middag verongeluk.

KOSTA: Kom nou, Lady, kom nou. *(Knipoog vir Lady.)* Sê nou mooi eksuus vir Terblaans?

LADY *(met 'n skynsoet dogterstem):* Ekskuus, Terblaans, ek sal nooit weer nie . . .

TERBLAANS: Sê my, wat het julle teen my — jy en Kosta en Fons en Kytie?

KYTIE: Nommer een: jy hoort nie hier nie. Jy't nog jare se werk in jou.

LADY: Nommer twee: jy's die skoothondjie van Matrone.

TERBLAANS: Iemand moet haar help. Julle gee Matrone nooit 'n kans nie. Dis maklik om met kinders te werk — ons was almal kinders. Maar hoe werk 'n mens met oumense — as jy self nie oud is nie? Weet ons, die oues, wat dit is om oud te wees?

TRUIA: O, ék weet, met my jig . . . *(sy voer 'n hensopbeweging uit om haar verknotte hande te laat sien)*

MATHILDA *(huilerig):* En ék weet, met my are wat verkalk . . .

KOSTA *(vererg):* Kwale besoek jonk en oud. Dis nie die alleenreg van die ouderdom nie . . .

LADY: Dit gaan nie net om kwale nie, Kosta. Hoe sal ek dit verduidelik? Party dae sit ek so, en ek kyk by my venster uit en ek sien iets moois, 'n wolk, of blare wat val, of son op die gras, en dan . . . dan mis ek myself so.

TERBLAANS: Ek verstaan jou nie.

FONS: Nee, jy sal nie, want jy's 'n Filistyn. Jy sal nooit begryp hoe beroemd Lady eenmaal was nie. Die grootste stem wat dié land nog ooit opgelewer het.

LADY: Fons, asseblief, moenie . . .

TERBLAANS: Ek ken daardie ou storie al van agteraf vorentoe. Hoekom het sy nog nooit gesing van sy hier is nie?

MEV. VAN DEVENTER: Dis wat ek ook wil weet.

FONS: As jy amen gesê het, is die gebed verby.

LADY: Hou op, asseblief, Fons, Terblaans; ag, Kosta, sê hulle moet ophou, ek kan dit nie verduur nie . . .

TERBLAANS: Ek vra my af of dit waar is, al die kastige roem . . .

FONS: Daar's die koerante, die programme . . .

LADY: Hou op, hou op, dis als verby . . *(Gaan sit op stoel en begin huil. Die ander beweeg weg van haar en Fons af.)*

FONS *(troos lomp):* So, nou my skapie, so nou; ék weet en ék onthou; en dis genoeg. En ek weet wat jy bedoel as jy sê jy mis jou so. Ek kén die gevoel. *(Streel Lady se hande.)* Ons was altwee eenmaal helder. En bereid. *(Kosta stap nader, luister.)*

LADY: Bereid om bemin te word.

FONS: En bereid om lief te hê. En nie bang om die geluk in jou hande vas te hou nie.

KOSTA *(verveeld):* Niks belet jou om die lewe nóg vas te hou nie, stewig, in albei hande. *(Kosta demonstreer 'n wurggreep)*

LADY: Nie só nie, nie só nie.
(Van die ander ou mense staan weer nader. Kosta hou van 'n gehoor, praat harder.)

KOSTA: Die siek gepraat oor die ouderdom: ek walg daarvan. Kyk, die lug daarbuite, dis nog net so blou soos in ons jeug.

KYTIE *(giggel):* Nie vandag nie. *('n Paar kyk buitentoe, dan vermakerig na Kosta se kant toe en sê in koor):* Nie vandag nie.

KOSTA *(skree woedend):* By wyse van spreke — as julle dit kan verstaan.

FONS: Hulle sal nie, Kosta, want hulle is Filistyne.

KOSTA: En die dou op die spinnerakke, lyk dit nie nog altyd soos diamante nie.

LADY: Diamante — ja, ja hulle lyk soos dou. Maar hard; en koud en baie mooi.

FONS: Ek sien jou nog so in die verhooglig; en as jou bors opgaan, blits die snoere en as jou bors sak, flikker die snoere, flikker en blits, flikker en blits . . .

LADY: Ek had ook smaragde. En saffiere.

TERBLAANS (aan mev. Van Deventer): Here we go again . . .

DIE KWARTEL: Wanneer kry ons koffie in hierdie plek?

TERBLAANS *(kyk op haar polshorlosie, en dan na die huishorlosie):* Eers oor vyf-en-dertig minute.

DIE KWARTEL: Hoe nou?

KYTIE *(skril):* Oor 'n halfuur, Oumatjie!

DIE KWARTEL *(mompelend, terwyl sy kaarte uit haar roksak haal en op 'n tafeltjie voor haar uitpak. Die ander beweeg weg van haar af):* Oor 'n halfuur!
Wie't vir my lekkergoed?
('n Koor van stemme skreeu: „Nie ek nie." Die Kwartel trek haar skouers op, gaan voort met haar geduldspeletjie. Kytie loer oor haar skouer.) So, so waar is ek nou . . . ?

KYTIE *(na die gehoor toe):* Geduld speel sy, geduld. Hoeveel jaar al, wonder ek? Veertig jaar, vyftig jaar, sestig jaar? — En as ons baie sterk is, tagtig jaar. En die uitnemendste daarvan is moeite en verdriet. *(Trek haar skouers op; praat snerpend hard met Die Kwartel):* Oumatjie is jy haastig dat hy moet kom?

DIE KWARTEL *(opgeknikker):* Dat wie moet kom vroumens?

KYTIE: Die ouman. Ons ou boy friend.

DIE KWARTEL *(opgeknikker):* Het jy dan 'n boy friend, Kytie? En jy sê my niks daarvan nie? *(Kosta kom nader.)*

KYTIE *(na die gehoor):* Sy verstaan nie. *(Maak 'n gebaar na haar kop toe om te wys Die Kwartel is nie reg wys nie. Praat sag):* Ons álmal se minnaar, Oumatjie; die kêrel met die sens.

KOSTA *(streng):* Jy kom gesels kort, Kytie.

KYTIE: Ja, Kosta, jy's seker reg. Maar vir jou was die lewe anders as vir my. Vol sonde en plesier; jy kan terugdink, en warm kry by die óú vure. Ek weet nie wat ek met my lewe gemaak het nie. Ek moes altyd dankbaar wees teenoor iemand of ĩets. Teenoor familie, die Kerk of die Liewenheer. Diep in die dankbaarheid tot hier *(druk haar wysvinger onder haar neus),* dis wat ek was. En wat moet ek met die res van my lewe maak?

KOSTA: Ek kan by jou kom slaap.

KYTIE: En wat sal dit my baat? Steel het net sin as die vrugte nog jonk is.

DIE KWARTEL *(nugter en ongeërg):* Ek is eensaam.

KYTIE: Net lui mense is eensaam. *(Die Kwartel lag asof Kytie iets snaaks gesê het. Fons en Lady beweeg geselsend in op dié groepie)*

LADY: Soos ek sê: dit voel of jy jou uitgeleen het, en jou nog nie terug gekry het nie. As jy sal verstaan wat ek bedoel.

FONS: Ek verstaan. Of ook dié gevoel: jy kry jouself terug, maar besmeer, gerinneweer.

DIE KWARTEL: Kom ons speel iets?

KYTIE: Geduld o geduld wat so baie dra . . .

TERBLAANS: Laat ons iets speel — om haar ontwil.

LADY *(spottend):* Wat?

TERBLAANS *(ongemaklik):* O, enigiets.

LADY: Net nie Piet Swartvark nie.

TERBLAANS *(op haar perdjie):* Hoekom nie?

LADY: Ek bemoei my nie met politiek nie.

MATHILDA: Wat van raaisels? Ek ken een . . .

TRUIA en LADY: Tog nie dáárdie een nie!

MATHILDA: Watter een?

LADY: Die een van die mantel sonder moue.

MATHILDLA: O, ja, dit is hy. Die antwoord is: 'n doodskis.

DIE KWARTEL *(klaerig):* Wanneer kry ons koffie?

KYTIE: Ons gaan eers speel.

DIE KWARTEL: Wat?

KYTIE: Konsert.

TERBLAANS: Goeie plan. Dan kan Lady vir ons sing.

LADY *(verskrik):* Ek sing?

KOSTA *(snel haar te hulp):* Ja, Lady, ek sal begelei. *(Neem Lady eenkant toe; verduidelik iets aan die ontstelde Lady. 'n Lig daag vir Lady: sy begin lag).*

LADY: Goed, dan. Terblaans, kondig aan!
(Terblaans bestyg opgewonde die trap. Fons klim by haar verby sodat hy haar kan onderskep.)

TERBLAANS: Vriende, luister . . .

FONS: Lady gaan vir ons sing; neem julle plekke in. Ek stel aan julle voor: Die Lewerik van die Vrystaat. *(Terblaans begluur Fons. Dan gaan sit sy penregop, hoogs veronreg).*

DIE KWARTEL: En nou? Kry ons koffie?

KYTIE:: Konsert, Oumatjie, konsert! Lady gaan sing.

(Lady en Kosta beraadslaag lank by die klavier. Kosta lig die klap van die klavierstoeltjie en haal 'n verslete boek uit. Lady leun met haar een arm op die klavier. Haar ander hand sprei soos 'n web oor haar dy. Sy laat haar kop na agter sak. Sy soek 'n steunpunt vir haar oë. Wanneer sy dit gevind het, knik sy, maar sonder om na Kosta te kyk. Sy sluk, en versit haar hand op die klavier. Kosta speel die begeleiding vir Erkönig; Lady sing elke woord, maar sonder geluid. Haar gesig registreer elke emosie waarom die teks vra:

Wer reitet so spät durch Nacht und Wind?
Er ist der Vater mit seinem Kind;
Er hat dan Knaben wohl in dem Arm,
Er fasst ihn sicher, er hält ihn warm

„Mein Sohn, was birgst du so bang dein Gesicht" —
Siehst, Vater, du den Erlkönig nicht?
Den Erlkönig met Kron' und Schweif? —
„Mein Sohn, es ist ein Nebelstreif."

„Du Liebes Kind, komm, geh mit mir!
Gar schöne Spiele spiel' ich mit dir;
Manch' bunte Blumen sind an dem Strand,
Meine Mutter hat manch gülden Gewand."

Mein Vater, mein Vater, und hörest du nicht,
Was Erlenkönig mir leise verspricht? —
„Sei ruhig, bleibe ruhig, mein Kind;
In dürren Blättern sänselt der Wind."

„Wilst, feiner Knabe, du mit mir gehn?
Meine Tochter sollen dich warten schön;
Meine Tochter führen den nächtlichen Reihn,
Und wiegen und tanzen und singen dich ein."

Mein vater, mein Vater, und siehst du nicht dort
Erlkönigs Tôchter am düstern Ort? —
„Mein Sohn, mein Sohn, ich seh' ich genau:
Es scheinen die Alten Weiden so grau."

„Ich liebe dich, mich rezt deine schöne Gestalt;
Und bist du nicht willig, so brauch' ich Gewalt." —
Mein Vater, mein Vater, jetzt fasst er mich an!
Erlkönig hat mir ein Leide getan! —

Dem Vater grauset's, er reitet geschwind,
Er hält in Armen das ächzende Kind,
Erreicht den Hof mit Müh' und Not;
In seinem Armen das Kind war tot.

Na die slotakkoord bly Lady met 'n oopgesperde mond staan. Vir 'n oomblik heers daar stilte. Dié stilte word verbreek deur Die Kwartel wat luidrugtig hande klap. Dan begin Die Oues verontwaardig protesteer — tydens die „sang" het hulle doodstil gesit, want hulle was in die ban van Lady se grieselige mimiek.)

TERBLAANS *(woedend):* Jy't nie gesing nie. Jy't ons vir die gek gehou.

MATHILDA *(tranerig):* Dit was gemeen van jou.

LADY *(vorstelik):* En sy dan? *(Wys na Die Kwartel)* Sy't my gehoor en my kuns waardeer.

FONS *(begrypend):* Jou *kuns,* ja wel.

TERBLAANS: Maar nie jou sang nie!

LADY *(koppig):* Sy't my gehoor, en my sang gerespekteer.

TERBLAANS: Sy's doof.

TRUIA: Doof, doof, doof soos 'n kwartel.

LADY: Doof vir alledaagse geluide, ja; doof vir alledaagse musiek. Maar vir musiek van die sfere, daarvoor is sy baie gevoelig. *(Lady stap na Die Kwartel en soen haar op beide wange. Sy draai na die ander.)* Ek kry julle jammer. Julle's op die drumpel, en nóg praat die sfere nie met julle nie.

MEV. VAN DEVENTER *(verward):* Maar ons kon vir Kosta hoor.

LADY *(neerbuigend):* Natuurlik kon julle hom hoor. Kosta is 'n skat, maar hy's 'n demoon. Hy sal nóóit die sfere hoor nie. *(Lady sak op 'n stoel neer, prewel):* . . . das Kind war tot. My keel, ek moet iets te drinke kry. *(Terblaans kyk op haar horlosie, en dan na die huishorlosie. Haar mond sluit ferm: dis nog nie drinktyd nie.)*

KOSTA: Sê julle wat: die middag vra om iets sterkers. Ons had te veel skokke. Matrone se verlies, en . . . en . . . Lady se kuns . . . en . . .

FONS: Ek stem saam.

KYTIE: Ek voel ook so.

TERBLAANS: Oor my dooie liggaam!

KOSTA: Ons het almal iets in die kamer, vir siekte en Krismis en dae soos vandag. Kom ons gaan haal dit, en wees vrolik.
(Kosta volg sy voorstel op, en klim met die trap na sy kamer. Kytie, Fons en Lady volg hom. Terblaans draf agter hulle aan, en beduie wild met haar arms.)

TERBLAANS: Ek gaan Dominee bel. Ek het dié ding sien kom.

KOSTA *(oor sy skouer): Soete Inval* steur nie graag vir Dominee op 'n Saterdagmiddag nie, dit weet jy tog. Maar ás jy bel, sê hy moet 'n paar bottels nagmaalwyn saambring.

DIE KWARTEL: Wat is die kommosie?

MEV. VAN DEVENTER *(tolk met 'n martelaarshouding):* Kosta wil 'n drinkery aan die gang sit. Bid jou dit aan, met Matrone se broer in die Dal van die Doodskaduwee.

DIE KWARTEL *(kruis haar arms oor haar bors en wieg vrolik):* Lekker, lekker!

MEV. VAN DEVENTER *(aan Terblaans):* O, wat 'n gruwel!

TERBLAANS *(sug swaar):* Ons sal koffie maak wanneer die tyd daarvoor reg is. Dié skande moet binne dié vertrek bly. Ons kan Dominee nie so ontstig nie.
(Terwyl Terblaans praat, sluip Truia en Mathilda skelm teen die trap uit. Hulle kom vir Fons en Kytie wat op die terugpad is, teen, en gesels soos samesweerders met hulle.)

DIE KWARTEL: Lekker, lekker!
Lady maak 'n dramatiese verskyning aan die bopunt van die trap. Sy het 'n Spaanse kam in haar rooi pruik gesteek, en 'n pers tjalie om haar skouers gehang. Stadig kom sy die trap af.)

TERBLAANS *(aan Van Deventer):* Die hoer van Babilon.

LADY *(kom staan langs Terblaans en bekyk haar op en af. Dis duidelik dat sy Terblaans gehoor het.)* Jammer dat jóú sukses so plaaslik was, hartjie . . . *(Lady stap na die buffet, haal 'n tafeldoek uit en gooi dit oor die tafel. Fons haal glase uit die buffet. Kytie help hom.)*

DIE KWARTEL *(raak al hoe meer opgewonde met al die drukte om haar en begin sing):* 'n Ding is 'n lekker ding met pypkaneel daarin!!
(In die stadium verskyn Kosta aan die bopunt van die trap. Hy kom spoedig die trap af. Truia en Mathilda kom agter hom aan; klou bangerig aan mekaar. Terblaans en Van Deventer onttrek hulle met groot gebaar aan die feestoneel.)

TERBLAANS: Ek was my hande in onskuld. *(Sy slaan haar oë op na Rots der Eeuwen).*

VAN DEVENTER *(kyk ook na Rots der Eeuwen):* Oor my dooie liggaam: ek gaan geen deel hê aan dié brassery nie. *(Van Deventer en Terblaans na verste hoek in die vertrek.)*

KOSTA *(pseudo-plegtig):* Vriende, kom nader, kom sit aan; en laat ons hart ons vrolik hou, al die dae van ons lewe. *(In die feestoneel wat volg, sit Kosta in die middel van die feesgenote, Lady en Kytie links en regs van hom; die res sluit aan by Lady en Kytie. Die tafel staan dwars, parallel met die gehoor.)* Maar waar's Die Kwartel?

FONS: Ek sal haar kry. *(Fons bring Die Kwartel tafel toe en laat haar langs Kytie sit.)*

KOSTA: Laat ons sien: hier's vodka, rietblits, frans-brandewyn; en hier's bier, en hier's gewone brandewyn. Oumatjie? *(Die Kwartel slaan haar hande voor haar mond. Die keuse is vir haar te moeilik.)* Nou goed, 'n brandewyntjie om mee te begin. Say when. *(Kosta wag nie op 'n antwoord nie; skink na goeddunke. In die skinktoneel kan aanwysings en uitroepe geimproviseer word, tot almal 'n glasie in die hand het.)*

KOSTA: Lageim!

LADY: Gesondheid!

KYTIE: Bottoms up!

FONS: Gesondheid!

MATHILDA en TRUIA: Ook so!

DIE KWARTEL: 'n Ding is 'n lekker ding.

KYTIE: Dit smaak na verjaardag.

LADY: Nee, nie verjaardag nie, sommer net 'n feesdag. Ek hou nie van verjaarsdae nie.

FONS: Ek ook nie.

KYTIE: Maar hoekom nie? Verjaardae maak 'n mens nie oud nie.

LADY: Nie verjaarsdae nie. Selfs nie die jare nie. Net die besef van verlies: dís wat jou oud maak. En daarom is verjaarsdae treurig. Dit herinner jou aan al die mooi dinge wat jy op die pad kwytgeraak het.

KOSTA: Begin jy weer met daardie ding . . .

KYTIE: Maar dis interessant, Kosta.

KOSTA: Ek stem nie heeltemal saam met Lady nie; 'n mens verloor nie al die mooi dinge langs die pad nie.

LADY: Nie alles nie. Maar wat jy verloor, is erg genoeg. Jou stem. Jou jeug.

KYTIE: Jou tande.

DIE KWARTEL: Hoe nou? *(Sonder om aan Die Kwartel te verduidelik, praat die groep na die gehoor toe.)*

GROEP: Jou gehoor.

FONS: Jou skop en jou lus.

TRUIA: Jou nooiensvan.

MATHILDA: Jou are verkalk. En jou dink daarmee.

KOSTA: Dis die een kant van die prentjie. Kom ons dink hard. Kom ons probeer 'n mooi ding uit ons verlede onthou. As ons kan, dié mooiste ding.

FONS: Iets wat troos. Na al die jare nog troos.

KYTIE: Dis vir my nie moeilik om te onthou nie — my lewe was so egalig. 'n Karoopad tot in die ewigheid toe.

KOSTA: Voor jy vertel, Kytie, het ons nog almal iets? Fons? Lady? Dan gooi ek 'n ietsie vir myself. Jammer, Kytie. Sonder water? Maar jy's gelooi, ou girl!

KYTIE: Ek het 'n baie arm jeug gehad. Nee, julle hoef nie ongemaklik te raak nie, dis nie 'n huilstorie nie. Maar dis belangrik dat julle weet: ons was brandsiekarm. Ek was agt jaar oud, toe't ek nog nooit 'n sikspens van my eie gehad nie. Ek had 'n vriendinnetjie, Salmien Rossouw, mooi kind; jonk-jonk dood aan rumatiekkoors. Net so arm soos ek. Armoede is nie so erg as almal óm jou ook arm is nie. Toe hou die ryk oom met sy perdekar voor ons deur stil, en hy sê ons moet die perde vashou, hy's nou-nou weer terug. En toe hy terugkom, toe gee hy vir ons elkeen 'n sikspens. 'n Hele sikspens. En ek hou daardie sikspens van my vas of ek dit in my vleis

wil indruk. Ons het nie aan spaar gedink nie; nie ek en Salmien nie. Nie dáárdie dag nie. Ons kyk vir mekaar, en sê niks nie, begin net draf na die Jood se winkel toe. 'n Lang ent pad: draf-draf, lat die stof so opspring onder ons kaal voete. En toe ons by die Jood se winkel kom, weet julle wat? Toe's my sikspens weg. Skoon weg. En wat doen Salmien? Sy gaan koop nie vir háár geld lekkers nie, sy smyt dit net so weg. Om *my* ontwil.

TRUIA: Dis 'n lawwe storie.

LADY: Dis 'n baie baie mooi storie. Dit klink na 'n gelykenis.

KOSTA: Jy sê nou die storie is laf. Truia. Wat is jou herinnering?

TRUIA: Seker ook maar laf. Pa het 'n gig gehad, en dan ry ons oor na *Gum Dale,* en bly die hele naweek by die Trollops. Ons speel tennis, en saans speel ons whist. Dis al. Maar dit was genoeg.

LADY: In die ou Tivoli, met 'n groot besoekende orkes. En my stem sny deur die orkes soos 'n mes deur botter. En die dirigent, sir Robert Ashton, soen my hande na die tyd, en sê met trane in sy oë: „God has laid his finger on your brow, my child."

KOSTA: Hel, dit was vir jou 'n wilde plek, hoor, daardie buitehotel op Nek. Die geld wat ek daar met dobbel gewen én verloor het. En die naweke, en die blonde vrou van die sersant . . .

LADY: . . en sir Robert Ashton het ook dit vir my gesê: „You're a virtuoso singer of the upper rank." Op sulke oomblikke kom 'n mens by jouself uit. Weet julle, dis hoekom ons die liefde najaag, en die kunste dien: ons wil by onsself uitkom, jy kan maar sê, nagmaal hou met onsself. Ek glo ook . . .

KOSTA: Ekskuus, Lady, maar dit lyk my Kytie voel nie goed nie. *Drukte om Kytie te help. Truia en Mathilda lei haar van die verhoog af. Terblaans en Van Deventer kom triomfantlik nader.)*

TERBLAANS: Nou sal ons koffie maak — ruim net julle gemors op. *(Lady en Fons besig om orde te herstel. Kosta met die trap op na sy kamer.)*

VAN DEVENTER: As dit nodig sal wees, Bettie; dit word al aand . . *(Truia, Mathilda en Kytie op.)*

TERBLAANS: En hoe voel ons pasiënt nou?

KYTIE: Praat maar, Terblaans, praat maar. Ek was nie siek van die drank nie, ek was siek van verlange na 'n uur toe 'n ander mens vir my omgegee het. Dáárna was ek siek. *(Kosta kom met die trap af. Hy is besig om iets in sy baadjie se binnesak te prop.)*

DIE KWARTEL: Hoekom is dit so donker? Hoekom speel ons nie meer nie?

VAN DEVENTER: Sy raak erger by die dag. Dis nie die tehuis vir haar dié nie.

KOSTA: En as sy wil speel, hoekom nie? Sy's nog hiér binne-in die lewe. Ek het juis in my kamer aan 'n speletjie gedink: *Wolf, wolf hoe laat is dit?* Nét die ding vir nou.

DIE KWARTEL: Wat praat Kosta alles?

VAN DEVENTER *(skree)*: Hy wil hê ons moet *Wolf, wolf hoe laat is dit?* speel. Stel jou voor, op ons jare!

DIE KWARTEL: Wie's oud? Ek speel saam.

LADY: En ek.

FONS: En ek.

KYTIE: En ek. As kinders het ons dit saans in die maanlig op die werf gespeel.

KOSTA: Dan moet ons die plek regkry. Fons, jong, sit hand by. *(Kosta en Fons dra stoele uit die pad uit. Kosta kyk berekenend rond; sien Rots der Eeuwen en haal dit af. Hulle maak die prent staan teen die rug van 'n stoel.)*
As julle agter dié stoel is, is julle tuis, is julle in die *home*, maar as ek julle vang voor julle tuis is — o, wee! *(Grom, en boots Frankenstein na.)*

DIE KWARTEL: Ek verstaan nog nie.

LADY: Kyk, dis so: Kosta is die wolf. Ons loop al agter hom aan, en vra hoe laat dit is. As hy „Twaalfuur" sê, moet ons hol om in die *Home* te kom, anders vang hy ons.

TRUIA: En as hy ons vang?

KOSTA: Dan's ons uit — uit, uit die speletjie uit. *(Opgewonde)*: O.K. — ons begin. *(Kytie, Fons, Lady en Die Kwartel loop al agter Kosta aan. Die ander kyk afkeurend of geamuseerd toe.)*

DIE GROEP *(singpraat)*: Wolf, wolf hoe laat is dit?

DIE GROEP: Wolf, wolf hoe laat is dit?

KOSTA: Sesuur.

DIE GROEP: Wolf, wolf hoe laat is dit?

KOSTA: Vieruur.

DIE GROEP: Wolf, wolf hoe laat is dit?

KOSTA: TWAALFUUR! *(Kosta laat die groep toe om Die Kwartel veilig in die huis te kry. Terblaans staan nader.)*

TERBLANS: As julle kinderagtig wil wees, goed en wel, maar dié ou mens is gedaan.

KOSTA: Sê *jy* dan vir haar om op te hou.

TERBLAANS *(aan Die Kwartel):* Oumatjie, kom, jy moet rus!

DIE KWARTEL: Loop, los my; jy's nie in die komedie nie!
(Terblaans loop weg met 'n ek-was-my-hande-in-onskuld-houding. Sy fluister iets vir Van Deventer wat haar kop skud en haar tong klik. Die speletjie begin weer. Kosta klim dié keer teen die trap uit; die groep volg hom teen die trap uit. Voor hy bo is, sit hy gou 'n skedelmombakkies op. Wanneer hy TWAALFUUR skree, draai hy om. In die flou lig gloei die mombakkies soos fosfor. Almal skrik hulle buite weste en vlug holdersteboldér. Die Kwartel bly aan die voete van die trappies lê: 'n bondeltjie. Die Oues tree behoedsaam nader. Niemand sê iets nie. Hulle vorm 'n kring om Die Kwartel.)

KOSTA *(laag en hees, die mombakkies nog op sy gesig):* Wolf, wolf hoe laat is dit? *(Wys na Kytie.)*

KYTIE: Twaalfuur.
Dié prosedure word herhaal tot nog net Lady oor is. Sy wil ontsnap uit die kring, maar alle vingers wys na haar. Lig val op haar gesig.)

LADY *(gil hoog en bloedstollend):* TWAALFUUR!

(GORDYN VAL ONMIDDELLIK)

GREPE UIT DIE KONGRES

OPENING VAN DIE KONGRES VAN DIE AFRIKAANSE SKRYWERSKRING, STELLENBOSCH, 8 NM., 7 APRIL 1971

deur Mnr. Buks Fouché.

Geagte Mnr. die Voorsitter, Dames en here,

Baie dankie vir die eer om vanaand hier saam met u te wees en om hierdie kongres van die Afrikaanse Skrywerskring te open.

Ek en baie ander buitestaanders is ten volle bewus van al die probleme waarmee u te kampe het en ons weet dat 'n artikel, 'n gedig of 'n boek nie maar sommer net met die druk van 'n knoppie opgetower word nie.

Afgesien van die talent waarmee u gebore moet wees, weet ons dat u 'n grondige studie van u onderwerp moet maak omdat u net kan skryf as u kennis het van die aangeleentheid, en weet wat u wil of kan sê.

Maar al het u al die kennis wat u nodig het, kan u nog nie slaag as u nie 'n helder siening en 'n suiwer aanvoeling het nie en as u nie op die koop toe ook nog bereid is om baie hard te werk nie. Niks wat die moeite werd is, kom maklik nie.

Omdat die mensdom oor die algemeen van al hierdie dinge bewus is, weet hulle dat die toonaangewende skrywers uit die aard van die saak bo die gemiddelde moet wees. Daarom het u so 'n groot invloed en is u tot 'n groot hoogte verantwoordelik nie net vir die meningsvorming in ons land nie, maar selfs ook vir die lewensbeskouing sowel as die leefwyse van die nasie waarvan u lid is. Hierdie waarheid geld ook vir die skrywers in ander lande — mense met wie u uit die aard van u omstandighede dikwels in voeling is en met wie u in voeling moet bly.

My vriende, ek neem aan dat u besef wat dit beteken. Dit beteken dat 'n geweldige verantwoordelikheid op u skouers rus — so geweldig dat 'n mens dwing om in die aangesig van die grootheid daarvan bang te word en terug te deins.

Skrywers moet nie net vir afleiding en ontspanning sorg nie, maar hulle moet ook en veral vir die opvoeding van en rigtinggewing van die lesende mensdom sorg. Daar lê u grootste taak, maar daar lê ook u grootstee mag en daarom u grootste verantwoordelikheid. Deur middel van u kontakte moet u ook u deel bydra buite die grense van u eie land en moet u dit onvermoeid doen.

Voordat ek egter hierdie stelling verder verduidelik, wil ek net eers sê dat ek dankbaar is dat minstens die Afrikaanse skrywers hulle in hierdie organisasie saamgesnoer het. So kan u beter na uself kyk, maar so kan u ook meer gekonsolideerd u take aanpak. Ek het reeds gesê dat skrywers in die algemeen en daarom ook die Suid-Afrikaanse skrywers — waarvan die kring van Afrikaanse skrywers 'n deel en 'n belangrike deel uitmaak — tot 'n groot hoogte invloed uitoefen op en daarom verantwoordelik is vir die meningsvorming van die mensdom.

Nou is u net so bewus as ek van die byna bomenslike stryd wat ons nasie in die buiteland te stry het — 'n stryd teen miskenning, verguising en beswaddering, dikwels as gevolg van kwaadwilligheid maar ook dikwels as gevolg van onkunde. Om ingang te vind in die verskillende media oorsee om sodoende ons eie saak gestel te kry is feitlik 'n onbegonne taak, veral vir mense wat nie self skrywers is en daarom nie die nodige verbintenisse het nie. Iemand wat nie persoonlik daarmee te doen gehad het nie, kan eenvoudig nie besef hoe moeilik dit is nie.

By wyse van illustrasie wil ek vir u een sprekende voorbeeld noem. Tydens die vorige saak waarin ons by die wêreldhof betrokke was, was elke aspek van ons Suid-Afrikaanse beleid en leefwyse tot op die been oopgevlek. Daar was nog nooit 'n beter geleentheid vir die wêreld om te wete te kom wat presies hier aan die gang is nie, omdat in daardie saak vir week na week elke dag van die grootste outoriteite van die wêreld en van oral oor die wêreld getuienis afgelê het en deur die allerbeste advokate aan uitputtende kruisverhore onderwerp is.

Elke dag het daar verslaggewers van die oggend tot die aand in die hof gesit, maar afgesien daarvan het ons ook nog seker gemaak dat daar daagliks opsommings van die dag se verrigtinge aan die pers beskikbaar gestel word.

Ten spyte van al hierdie dinge het daar byna nooit 'n letter oor die hofsaak in die koerante in Holland verskyn nie. Van die ander lande kan ek nie praat nie, maar ek kan wel praat van die een waarin ek was en waarvan ek weet.

Op 'n aand by 'n funksie het ek die saak bespreek met die verteenwoordiger van een van die koerante wat ons redelik goedgesind was en aan hom gesê: „Julle wil altyd so graag inligting hê oor wat by ons aangaan en hier het julle nou 'n kans soos julle nooit weer sal kry om nie net self ingelig te raak nie, maar om ook julle lesers in te lig. Waarom maak julle nie daarvan gebruik nie? Waarom skryf julle niks nie?"

Sy antwoord was doodeenvoudig dat hulle eie land nie by die saak betrokke is nie en dat dit daarom nie vir hulle lesers nuuswaarde het nie. Hulle skryf dus liewer die dinge wat hul lesers liewer lees en wat daarom aan hulle koerant 'n groter afset besorg.

As dit nou die posisie by die goedgesinde koerante is, kan u self dink wat dan by die ander aangaan. Vir hulle sal die feite soos in 'n hofsaak geopenbaar ook nie nuuswaarde hê nie, maar al die sensasie wat uit kwaadwillige, verdraaide berigte gehaal kan word, het wel nuuswaarde en word tot ons nadeel opgedis aan 'n lesers-publiek wat dit gretig lees en glo asof dit die evangelie is.

Wat dus hier gebeur en wat terselfdertyd vir ons — wat die houding van die buiteland teenoor ons betref — die dinge al moeiliker en moeiliker maak, is dat in plaas daarvan dat die koerante en die skrywers die rol vervul wat hulle behoort te vervul, naamlik om meningsvorming reg te stuur deur die publiek reg in te lig en op te voed sodat hulle die dinge lees wat hulle die regte insig gee, word hulle gestuur deur wat hulle dink die publiek graag wil hê.

Dit beteken dat in plaas daarvan dat die skrywers, wat oor die regte kennis sowel as die vermoë beskik, die leiding neem, word hulle gelei deur die mense wat minder weet as hulle en dit is mos tog so duidelik soos daglig dat dinge dan verkeerd moet loop en op chaos afstuur.

U kan daaraan iets doen — in elk geval meer as die res van ons — omdat u die geleentheid het wat ons nie het nie.

Om mee te begin is u mede-skrywers en dus kollegas van daardie mense. U verstaan hulle en hulle sielkunde beter as ons. U het die geleentheid om met hulle in aanraking te kom en met hulle samewerking te soek. U as die Afrikaanse Skrywerkring word deur u eie grondwet gesê dat dit deel van u doelstellings en deel van u take en daarom u verantwoordelikhede is. Ons weet dit is nie maklik nie, maar dit is nodig.

As u met hulle in aanraking kom en bly — as u met hulle letterkundige verenigings en skrywers saamwerk — kan u bande bind en vriendskappe kweek wat verder kan uitkring omdat hulle eers op die een en dan op die ander gebied kan leer dat u eerstens eerlik en tweedens bekwaam is, en dat u bo alles nie die vreeslike mense is wat hulle gedink het nie.

As u eers hulle vertroue gewen het, sal u moontlik kan begin om hulle te probeer oortuig dat hulle nie deur die publiek gelei moet word nie, maar dat hulle die publiek moet lei omdat hulle die kennis het en omdat hulle ook die geleentheid en die middele daartoe het.

Dit is 'n groot taak en een wat tyd en moeite sal verg, maar dit is 'n taak wat u ongelukkig nie kan laat nie. Daar is soveel op die spel dat elkeen van ons op ons eie gebied en vlak ons alles in die stryd sal moet werp.

Die tyd dat ons nie ten volle gewoeker het met die talente waarmee ons toebedeel is en nie ten volle gebruik gemaak het van die geleenthede wat ons gebied is nie, is vir altyd verby — as ons die stryd om as nasie te lewe nie wil verloor nie.

U roeping en u waarde lê egter ook en veral hier in ons eie land. Ook hier is daar groot werk en daarom is ons dankbaar dat u is wat u is, en dat u as groep beskik oor die uitstaande mense met die besondere gawes waaroor u wel beskik en wat tot ons heil aangewend kan word.

Ons leef in 'n tyd waarin daar om verskillende redes op meeste gebiede 'n groot mate van vervlakking ingetree het. Idealisme en die dieper geesteswaardes is ongelukkig besig om vinnig plek te maak vir 'n houding van onverskilligheid, gemaksug, materialisme en oppervlakkigheid. Elkeen, of meeste van ons, wil net kyk wat ons uit die lewe kan haal; en wat ons bereid is om daarin te sit is net soveel as wat vir ons persoonlik die meeste dividende sal afwerp.

Ek dink dit is toe te skryf aan die feit dat ons in 'n wêreld leef waarin ons eerstens gedurig van oorloë en dreigende oorloë hoor. 'n Wêreld waarin ontevredenheid en onvergenoegdheid aan die orde van die dag is, maar ook 'n wêreld wat as gevolg van die moderne tegnologie en die geweldige snelle kommunikasie so klein geword het dat daar byna geen afstand meer is nie en daarom byna geen privaatheid meer kan bestaan nie. In die ou dae kon ons hier in ons land eenkant en afgesonderd leef en was dit nie so maklik vir verkeerde invloede om van buite af op ons in te werk nie. Nou is ons in onmiddellike verbinding met alles wat iewers verkeerd is.

Dit alles beteken dat die stryd soveel moeiliker word. Ons moet nie net optree teen die natuurlike neiging van die mens om weg te skram van inspanning op fisiese sowel as geestelike gebied nie, maar ons moet ook veg teen die uitwerking van die baie moderne hulpmiddels wat daar is om van die mens 'n gemaksugtige te maak en iemand wat homself nie wil vermoei nie. Ons moet veg teen die mode wat van buite kom om net van dag tot dag te wil leef, en dan nog so dikwels onder die invloed van een of ander verdowingsmiddel! Daar gaan byna nie meer 'n dag om dat ons nie lees of hoor van jongmense of selfs kinders wat in die moeilikheid beland het omdat hulle onder die invloed van verdowingsmiddels was, of omdat hulle dit in hulle besit gehad het nie. Die vreeslikste is dat die bron dan dikwels volwassenes is wat vir eie gewin nie omgee wat van ons jong mense en daarom van ons nasie van môre word nie. En nou is dit 'n vasstaande feit dat as 'n mens of 'n nasie eers op een gebied begin vervlak, volg die ander gebiede baie gou. Die probleem is selfs nog ernstiger want as een deel van 'n nasie eers 'n slagoffer van die vervlakkingsproses word, volg uiteindelik ook geleidelik maar beslis die ander dele op daardie weg. As dit voortgaan, sal ons beslis die stryd verloor. Die tekens is reeds daar dat ons aan die aftakel is want ons begin al glip op die laaste en die belangrikste gebied.

Dit gebeur in die laaste tyd te maklik en te dikwels dat ons iets lees of hoor waarin Godslastering of heiligskennis as humor aangebied word. Dit is nie deel van ons nasie se lewensbeskouing nie en ons mag eenvoudig nie toelaat dat dit nou deel daarvan word nie. As ons nie betyds keer nie, sal dit baie gou te laat word om hierdie verderflike tendens te keer of uit te roei.

Dit is juis hier waar u as skrywers deur middel van die talente waarmee u van Bo toebedeel is soveel kan doen om te keer en te waak teen wat vir ons vreemd is en teen wat op ons vernietiging afstuur.

U as skrywers moet nooit toelaat dat u ook 'n produk van die tyd word nie. Hy mag sy stempel nie op u afdruk nie. U moet u stempel op hom afdruk.

U mag nie net nie meegesleur word nie, maar moet die weg in die teenoorgestelde rigting aanwys. As meningsvormers en as opvoeders moet u die stroom help stuit en in die teenoorgestelde rigting help lei. Ek sê weer: ek weet dit is nie maklik nie, maar niks wat die moeite werd is, kom maklik nie.

Mnr. die Voorsitter ek wil afsluit deur aan die Afrikaanse Skrywerskring in die eerste plek my hartlikste gelukwensing oor te dra met wat hulle tot dusver bereik het en met die standaard van die werke wat deur hulle op skrif gestel is. Ons is trots op die feit dat die produkte van ons eie mense meer as kan vergelyk met die bestes van elders in die wêreld.

Ek wil u egter in die tweede plek bedank vir wat u doen, nie net vir ons nie, maar ook vir die geslagte wat in die deinsigheid van die toekoms wag. Die vrugte van u talent verskaf genot en kennis nie net aan ons wat die voorreg het om saam met u te leef nie, maar dit sal ook dien as bron van genot en kennis vir hulle wat sal leef lank nadat u en ons almal van die toneel verdwyn het. Ek dink u het rede om dankbaar te voel as u daaraan dink dat u nie net vir ons iets beteken nie, maar dat u arbeid en u moeite 'n nasie op sy koers kan hou en dat dit u bind aan hulle wat in die toekomsjare u alleen deur u werke sal ken.

Mag u en u organisasie van krag tot krag voortgaan en mag u steeds baie vrug op u arbeid hê — ook tydens hierdie komende beraadslagings.

Mnr. die Voorsitter, Dames en here, dit verskaf my groot genoeë om nou hierdie kongres as behoorlik geopen te verklaar.

J. J. BRITS

PERMISSIWITEIT — 'N MORELE KRISIS?

Dit is gebruiklik dat daar by die opening van die Kongres 'n inleidende boodskap oor een of ander aktuele vraagstuk of toestand in die maatskappy in oënskou geneem word deur die Nasionale Voorsitter van die S.A. Skrywerskring.

Ek wil dus 'n paar gedagtes uitspreek oor so 'n toestand in ons maatskappy en ek gaan dus nie praat oor letterkundige ondersoek nie, met ander woorde ek het nie probeer vasstel of daar in ons Afrikaanse werk oortree word of nie oortree word nie.

My geselsie is dus slegs 'n opname van 'n toestand wat vir u niks nuuts sal wees nie, maar gaan miskien u aandag by hernuwing op die saak vestig en moontlik eie ondersoek aan die gang sit; want ek is bevrees: in meerdere of mindere mate is ons in ons lewensbeskouing ook skuldig, want ons kan ons nie uit die tydgenootlike omstandighede heeltemal onttrek nie.

In die afgelope jaar of wat het ons so permissief geword dat daardie einste woord permissief sonder permissie in ons taal ingesypel het. Dat dit 'n waardevolle toevoeging in ons woordeskat is, betwis ek nie vir 'n oomblik nie, want dit het 'n besondere betekenis-nuanse gekry. Wat my wel hinder, is dat die woord tydig en ontydig, en so dikwels onvanpas, gebruik word en veral omdat ons met die woord alle verkeerde dinge wil verskoon; as iets nie reg is nie dan hang ons die goue etiket van permissiwiteit om die nek en dan is dit nou toelaatbaar. Dit vind plaas in ons godsdiens, ons sedelike lewe, ja, orals, selfs in ons Afrikaanse taal. Ek het gedink dis net in Transvaal en Natal waar hierdie permissiwiteit sy kop uitsteek, maar ek lees in die Transvaler van 10 Maart dat in die Boland, wat nog altyd beskou is as die bakermat van Afrikaans, die gehalte van die geskrewe en gesproke woord al die tekens van permissiwiteit toon. 'n Enkele voorbeeld: dis nie meer 'n haarkappersalon nie, dis 'n haar-sny-salon, en natuurlik verkeerd gespel ook. En daarby kom nog die oorheersing van die Engelse taal op uithangborde, winkelvensters, advertensies, fakture, ensovoorts. Selfs in 'n dorp soos Somerset-Wes is daar twee sake-ondernemings in Engels geantwoord nadat hulle in Afrikaans aangespreek is.

Dit bly vir my 'n ope vraag hoekom 'n ding uit permissiwiteit toegelaat word. Is dit omdat ons die ding graag wil hê, of omdat dit ons nie traak nie? Traak dit ons nie of ons taal verag word, en traak dit ons nie of ons sedelik verval nie?

Ek wil 'n paar gedagtes na aanleiding van wat ek permissiwiteit en morele krisis wil noem, in u midde lê. Daarom gaan ek net een bepaalde soort permissiwiteit in oënskou neem, en met u toestemming gaan ek 'n paar rou voorbeelde noem. Dis ook permissiwiteit

van u kant. Die woord permissief is nuut in Afrikaans, en moraliteit mag in die afgelope dekade 'n heel nuwe vorm van lewensbeskouing geword het, en ook 'n nuwe betekenis by die moderne mens gekry het, maar die bestaan van sulke begrippe en toestande kom blykbaar in elke geslag voor. Die bewyse daarvan vind ons, uit die geskiedenis, in die dekadensie van verskillende volkere en nasies. Dit word miskien nêrens meer insiggewend en samevattend beskrywe as in die eerste hoofstuk van Paulus se brief aan die Romeine nie.

Inderdaad, dit kon 'n brief aan Chicago, Parys, Londen of Johannesburg gewees het. Ek weet nie wat in die Boland aangaan nie. Ek gaan u nie vermoei met aanhalings uit berigte van hoe die toneel oorsee ingerig word om seksuele orgies en perversiteit in al sy vieslikheid op die planke te bring nie, om nie eers van die filmbedryf te praat nie! Maar die vrae wat ek wil stel, en wat moontlik nie bevredigend beantwoord kan word nie, is dit: is daar 'n verband tussen permissiwiteit en moraliteit; tweedens, is daar 'n morele krisis in ons tyd en is die krisis die morele toestande self, of is die krisis die ontkenning van morele standaarde ?

Die vrae gaan natuurlik aan almal, maar op hierdie moment meer bepaald aan u as skrywers om self te bepaal watter element neerslag in u werk kry, want wat geskrywe is, is geskrywe, en u weet nie wie dit onder die oë kry nie en hoever en in watter mate u skryfwerk se invloedsfeer strek nie.

Laat ons by permissiwitiet begin. Dis ongetwyfeld so dat wat tien jaar gelede skokkend sou gewees het, vandag skouerophalend aanvaar word dikwels sonder 'n ooglid te roer. Ek verwys hier spesifiek na ons land, want danksy 'n Sensorraad word baie dinge wat oorsee verskyn van ons oë weggehou; maar tog het ons desnieteenstaande, algaande meer en meer toegewend in ons benadering geword. Buite-egtelike omgang, veral by jongmense, het ongetwyfeld altyd voorgekom, maar pas 'n klompie jare gelede was dit nog 'n skokkende gebeurtenis as so iets aan die lig gekom het. Op 'n dag was ons almal verbysterd om te lees van die onthullings van 'n Engelse geestelike wat hom voorgedoen het as 'n eendstert en toe gesien het hoe die kinders van vooraanstaande mense seksuele orgies pleeg; een 14-jarige meisie met sewe verskillende seuns in een aand en alles sommer openlik in een ruim vertrek. Onthou u nog hoe geskok ons was oor die eerste berig van die groot aantal meisies van onder 14 jaar wat geboorte gegee het aan buite-egtelike kinders? Skok dit ons nog? Ek twyfel, want vandag lê die sogenoemde hippies met hulle onsedelikheid en gemors ons stede en pleine vol en ons stap ongeërg daar verby. Wat sou u reaksie tien jaar gelede gewees het as 'n ordentlike, opregte voorstedelike Boeretannie vir u gesê het: „Ek voorsien my dogter liefs met voorbehoedmiddels as om agterna te sukkel met haar buite-egtelike kinders." Of soos ek in 'n artikel lees (dis my vertaling): „Minderjariges het die voorwerp van statusvertoon van hulle ouers geword. Die kinders word gedurig aangemoedig om 'n lekker tyd te hê, en om dit te kan

doen, gee die ouers vir hulle volop geld, sterk drank en voorbehoedmiddels wanneer hulle na partytjies of ander lekker samekomste gaan." En gaan stel maar ondersoek in by die woonstelle. Die ongehudes leef ewe ongeërg saam en ons aanvaar dit maar.

Mens kan onbeperkte voorbeelde noem, maar hierdie is genoeg om te bewys watter dinge vandag in ons sosiale lewe aanvaar word as nie meer snaaks nie. Permissief is die woord daarvoor.

Maar die vraag kan ook anders gestel word: wat is permissiwiteit nou eintlik? Wie laat toe? Is dit u en ek? Dan is ons tog seker geregtig om self te kies en te besluit. As dit iemand anders is wat toelaat, waarom ons dan daaraan steur en selfs mense aanstel om vir ons te besluit? Met ander woorde, as u en ek nie van iets hou nie dan ignoreer ons dit — om platvloers te wees, as u nie van varkvleis hou nie, dan maak dit mos nie saak nie al is die hele slaghuis daarvan vol. Maar as u van varkvleis hou en ek nie, moet ek nou daarop aandring dat geen varkvleis uitgestal word nie, ja, selfs iemand kry om te sien dat die varkvleis nie uitgestal word nie? Op 'n ander vlak noem ons daardie iemand 'n Sensorraad om dit by die populêre naam te noem. Daarmee word die Sensorraad nie aangeval of die stelsel verdedig nie. Ek glo een of ander vorm van sensuur is nodig, maar die vraag is: moet ander mense vir u en my besluit wat u en ek mag toelaat? En as ons daarteen beswaar maak, wat van ons kinders? As ons amptelike sensorskap nie kan verdra nie, kan ons verwag dat ons kinders wel huislike sensorskap moet aanvaar en dan allerlei dinge op 'n duistere manier leer? Moet ons boekrakke en tydskrifmandjies vry wees vir toegang deur ons kinders en ons eenvoudig redeneer: as hulle nie kan verstaan wat daarin staan nie sal hulle dit tog nie lees nie, en as hulle dit kan verstaan, nouja, dan is hulle oud genoeg om dit te lees. Die vraag bly: wie is verantwoordelik vir permissiwiteit?

U sal die skokkende verhale onthou van wat in die groot Amerikaanse stede gebeur, naamlik dat vrouens openlik verkrag word, somtyds selfs in die proses verwurg word, terwyl dosyne mense dit sien maar nie een iets doen nie, selfs nie deur net die polisie te skakel nie. Almal ordentlike, permissiewe mense. Daar is ook die geval van 'n meisie wat op die manier aangeval is in 'n gebou naby 'n deur van 'n vertrek waarin 'n klomp mans vergadering gehou het oor vrede op aarde. Toe hulle die lawaai hoor, het hulle uitgekom om te kyk wat aangaan. Hulle het gekyk en gesien en teruggegaan na hulle beraadslaging sonder om 'n vinger te veroer om die arme blanke meisie van die pikswart neger te red.

Ek sou heeldag hieroor kan praat, maar ek laat dit hierby. Permissiwiteit het minstens twee kante: naamlik wat ander mense vir jou sê wat toelaatbaar is, en dit wat jyself as toelaatbaar of nie beskou. Hierdie stelling is natuurlik niks nuuts nie, maar dis die kern van die probleem.

Die eerste vraag is of daar verband is tussen permissiwiteit en moraliteit. Laat u en ek dinge nie toe nie omdat dit bots met ons opvattings van wat moreel is? Byvoorbeeld, iemand sê daardie jong paartjie gedra hulle immoreel deur sommer saam te lewe; daar moet 'n voorgeskrewe prosedure gevolg word om 'n huwelik daar te stel en 'n neergelegde prosedure om die huwelik te ontbind. Daardie paartjie sê nee, dis mensgemaakte prosedures wat dan morele kodes daarstel. Moraliteit gaan veel dieper as dit, sê hulle.

Hierdie soort redenasie neem nie die feit weg nie dat daar wel sedes en morele standaarde bestaan, net soos die feit dat permissiwiteit by die moderne mens blykbaar gekom het om te bly, en dat die kodes van gister en eergister oënskynlik verouderd is. Vind ons nie dat die Sensorraad, hulle wat moet waak dat daar niks sedeondermynend onder ons aandag kom nie, al telkens deur die howe en ek meen selfs op ministeriële vlak beduie is dat hulle uitsprake te verkramp was nie?

Nou wat nou? Wie is verantwoordelik vir permissiwiteit?

Die antwoord op die tweede vraag is dus dat daar ongetwyfeld 'n morele krisis bestaan. In die geval van die Sensorraad bestaan daar baie beslis die vraag van welke morele standaarde toegepas moet word. So terloops vra mens jou sommer ook af wat die uitgangspunt van ons skrywers is wat beswaar maak teen die bestaan van 'n Sensorraad. Het hulle erkende morele standaarde in gedagte as hulle sê hulle wil skrywe soos hulle wil want kuns mag nie gebind wees nie? Wil hulle werklik beweer dat hulle nie kuns kan lewer as daar 'n Publikasieraad is nie? Ek herhaal: ek wil nie die Sensuurstelsel bespreek nie, maar is daardie sogenaamde vryheid van die kuns nie ook 'n vorm van soek na permissiwiteit nie? Of is dit maar die vervlakking as gevolg van die liberalistiese gees wat deur die wêreld waai en in Suid-Afrika ook die olieskepe langs ons sede- en morele strande op die rotse laat loop?

Ek glo norme het iets daarmee te doen, maar ek is oortuig die saak gaan veel dieper as net norme van morele standaarde. Tot onlangs het ons standaarde erken; selfs hulle wat die standaarde verbreek het, het die bestaan van norme erken.

Maar in die hedendaagse wêreld, en alreeds op 'n groot skaal in ons land, word die bestaan van standaarde tans bevraagteken. Met ander woorde: die vraag word gestel of daar op morele vlak so iets soos reg of verkeerd, goed of sleg is. Iemand skrywe, en ek gee dit in my woorde weer: tot onlangs was waarheid die grondslag van intellektuele lewe en hierop was moraliteit gebou. Waarheid was iets bo, en weg, en onafhanklik van die mens, en dit het gekristalliseer in norme en standaarde wat nagekom moes word as hy soos 'n mens wil lewe.

Maar die uitdaging het gekom van die kant van die leer van relativisme, naamlik, waarheid is mensgemaak en kultuurgegrond, en waarom dan daaraan vasklou? Mense is hiermee sielkundig geïndoktrineer. En hierby het gekom die onberekenbare vordering op tegnologiese en wetenskaplike gebied. Kennis is nie meer waarheid nie, maar kennis is mag; en met die vervanging van waarheid met mag het alle morele standaarde in die gedrang gekom, want die toets was nou: hoe 'n mens sy begeertes kan bevredig. En met dit as vooropgesette doel het hy sy lewenswaardes en norme bepaal.

Ek sou graag baie meer hierop wou uitbrei, maar ek hoop ek het laat blyk wat ek meen wat die morele krisis van vandag is, naamlik standaarde is nie net aan verval nie, maar die bestaan hoegenaamd van standaarde word ontken. Dit beteken vir my dat as ons nie meer sedes en morele norme het nie, dan is ons hele menwees in gedrang, want as die mens slegs volgens sy luste en drange moet leef, kan hy op morele gebied selfs laer as die laagste lewende wese daal.

En om mee af te sluit: U as skrywers moet altyd in gedagte hou dat hoe u ook al argumenteer oor die vryheid van die kuns, daardie kuns aan die waarheid gebind moet wees, die waarheid wat uiteraard norme stel, norme van welvoeglikheid en wellewendheid, want dit is norme van menswees. As u meedoen aan die eis van sogenaamde vryheid om te sê wat u wil en soos u wil, sonder inagneming van die morele standaarde, of die beginsel van iets hoërs, selfs 'n goddelike wet, noem dit by welke naam u wil, dan help u nie net mee, hetsy beskeie of op 'n groot skaal, om die hoekstene van 'n gesonde samelewing te ondergrawe nie, maar u verloën en bedreig uself, want daar is beslis 'n morele krisis. Met die erosie van aanvaarde waardes bereik u niks.

Daar word dikwels by ons gepraat oor vernuwing in ons letterkunde.

Ons moet nooit uit die oog verloor nie dat ons met vernuwing en ongebonde vryheid vir die kuns presies doen wat 'n kommunis gesê het. Ek haal aan: „ons is besig met die veldtog van ondermyning van alle sosiale instellings, onder andere, deur aansporing tot misdaad, onsedelikheid, jeugmisdaad, rasse-oorlog, ontaarding van alle kultuurbedrywighede veral met die rol wat kunstenaars en skrywers moet speel."

Dus moet ons versigtig wees dat ons nie met ons sogenoemde vernuwing in die strik trap nie. U wat die wêreldliteratuur ken, (veral van die lande waar permissiwiteit as't ware 'n kultus geword het — Amerika, Engeland, Swede, Frankryk, ja en bowe-al Holland wat met trots daarop aanspraak maak dat dit dié land in die wêreld is wat die grootste mate van permissiwiteit het) kan u met eerlike oortuiging sê dat hierdie lande se letterkunde nou ongekende hoogtes bereik het omdat hulle temas haal uit die slaapkamer en toiletkamer?

G. A. WATERMEYER
1917 — 1972

Ek weet dat 'n skrywer nie uit sy gemeenskap geïsoleer kan word nie, en dat die skrywer dikwels om den brode skrywe en dus gee wat die leserpubliek wil hê, maar ek weet ook dat die skrywer sy leser kan opvoed en, in ons land waar ons gemeenskap nog nie afgedaal het na die peil van 'n ontaarde nie, kan u behoudend wees in u kuns.

Laat ons nie meedoen aan die gelykmakende, vervlakkende gees nie, en nie meedoen in die aftakelingsproses nie met die verskoning „dis die lewe." Net soos in die straathond en die bobbejaan se lewe, is daar baie dinge in die mens se lewe wat alhoewel dit bestaan, tog onwelvoeglik is in enige taal en in enige land se norme. Laat ons nie meedoen nie, maar die bietjie bydra wat ons kan om te red wat ons kan. Is dit nie genoeg dat daar 'n stryd in ons land is om ons kamp- en bymekaarkomplekke skoon te hou van die afvalgemors nie? Ek pleit by u as skrywers om nie die geeteslewe van ons volk met afvalgemors te bevuil nie. U kan u eie sensor wees en daarmee kom die vryheid van u kuns nie in die gedrang nie.

Ek pleit by u om versigtig en krities te staan oor wat u in ons land instuur. Laat ons die morele krisis oorwin om nie soos 'n dier sonder morele standaarde te word nie, maar mens te bly.

W. A. DE KLERK

WAT IS TYDGENOOTLIKE LETTERKUNDE ?

Die beantwoording van hierdie vraag hang saam met die beantwoording van die vraag: **Wat is tydgenootlike?** Ek het geen voorneme en is ook nie in staat om dit beter te beantwoord nie as **Marthinus Versveld** in sy uitmuntende essay: **Wat is kontemporêr?** *

„Om deur keuse en morele vervulling mens te wees, is dieselfde as om werklik kontemporêr te wees. Om kontemporêr te wees, is dus om sekulêr te wees in die sin van die **huius saecula** met betrekking tot al die dinge op hierdie aarde wat ons aandag eis, en met erkenning van die feit dat ons bemoeienis met die ewigheid as allesomvattende teenwoordigheid die voorvereiste vir ons sekulariteit is. Daar is 'n sin waarin God sekulêr en ter sake in hierdie plek en tyd is. In Hom val sekulariteit en heiligheid saam. 'n Oproep tot heiligheid en 'n oproep tot sekulariteit hoef nie teenoorgesteld te wees nie, maar kan aanvullende kante van dieselfde roeping wees. Die ateïsties-kontemporêre wat sigself voordoen as realisme, maar eintlik kwantitatiewe met kwalitatiewe tyd verwar, is dus 'n verskynsel van vervreemding in die lewe en die kuns . . .

„Ontvlugting in die verlede kan ernstige gevolge hê; dit leer ons van onsself en ander, ook van die politici. Ons moet soos kinders word, ja, maar nie na ons kindertyd terug wil gaan nie. Natuurlik bestaan daar 'n verband tussen jonk-wees en heilig-wees; maar om 'n kind te wees, beteken ook om net die speelding van die oomblik te geniet. Hoe dit ook sy, die verlede is bepaald van aard, dit was . . .

„Die mens wat na die vaagheid van die toekoms uitreik, word met vrees en angs vervul. Sy hede word 'n tyd van spanning, pleks van ontspanning. Spekulasie en afwagting bepaal sy lewe. Oplaas loop alles uit op 'n bestaan wat 'n verskrikking is, 'n bestaan wat sommiges tot selfmoord dryf. En hoeveel letterkunde word verkeerdelik kontemporêr genoem, bloot omdat hulle hierdie soort ontwyking van die hede aangryp vir ‚moderne' doeleindes?"

Aansluitende hierby kan ons die woorde van Reinhold Niebuhr onthou: **God, skenk aan my die sereniteit om daardie dinge waaraan ek nie kan verander nie, te aanvaar. Skenk my ook die moed om daardie dinge te verander waartoe ek in staat is. Bowe al, Here, skenk my die wysheid om hiertussen te kan onderskei.**

Ons moet maar die voorbeeld van die Evangelie volg en wat ons wil tuisbring, probeer sien in die konkrete terme van menslike gedrag.

* Marthinus Versfeld, **Wat is kontemporêr**, Afrikaanse Pers-boekhandel, Johannesburg, 1966.

Om 'n gelykenis te vind vir ontydgenootlikheid moet hier verwys word na eie werk: **Die Laer.**

Die verhaal van die Dorslanders en hulle hartstogtelike soeke na 'n finaal-geldige Calvinistiese ‚land der ruste' (d.w.s., 'n staat van geluksaligheid hier beneden: uiteindelik selfgenoegsaamheid in isolement) is die verhaal van enige groep wáár ookal wat sy onmoontlike ideaal nastreef — **tot elke prys.** Op die duur was die ideaal, waarvoor geen opoffering te hoog was, geen matreëls te straf nie, op geheimsinnige wyse die presiese ontkenning van dit wat so moedig, so komies-tragies nagestreef is. Die heroïese kwaliteite van ander groot pioniersbewegings (soos bv. die Groot Trek) is hier in verhoogde mate aanwesig. Die laer van die Dorslanders is egter nie meer net 'n praktiese maatreël bedoel om 'n bepaalde defensiewe funksie te vervul, om dan weer te ontbind nie. Die laer het hier die Trek self geword. Dit is 'n permanente instelling, 'n gemoeid wees met ‚identiteit', met selfhandhawing, met oorlewing: kortom met 'n voortbestaan verseker, waarvan die ‚bestaan' (eksistensie) egter reeds alle kontak met die vleesgeworde werklikheid verloor het. Die kollektiewe self wat so bewaar moet word tot elke prys, word, juis deur die koorsige proses van selfhandhawing, tot niet gemaak.

Die laer van die Dorslander is 'n instelling wat sy eie heiligheid besit, maar die aanspraak op **geroepenheid** kan geen verskil maak aan die uiteindelike ontbinding nie. Dit kan trouens net dien om die vervreemding van die werklike-bestaande te verdiep.

Die beweging van die Dorslander uit die teenswoordige, gaan in twee rigtings tegelyk: èn na 'n dooie verlede èn na 'n ewe niebestaande, onbereikbare toekoms. In die geskiedenis het dit dan ook so gebeur dat toe die Dorslanders die trek uit die hede voltooi het, die eindbestemming in Portugees-Wes-Afrika oplaas geblyk het te wees: **nie** 'n Calvinistiese‚hemel' nie, maar 'n katolieke ‚hel'.

Die tweede voorbeeld — 'n gelykenis uit die geskiedenis — wat hier te sake is, lê ook in ons gereformeerde tradisie, maar nou ietwat verder terug: tot heel aan die begin. Dit is trouens een van die beste voorbeelde van tydgenootlikheid in die geskiedenis. Al sou Johannes Calvyn niks anders gedoen het nie, dan sou sy plek in die verhaal van die mens dáárom verseker gewees het.

Calvyn was by uitstek die man wat die Groot Skyn waarin die kerk van latere middeleeue verval het, tot niet gemaak het. Die sosiale en ekonomiese lewe van Wes-Europa was al van die twaalfde eeu af besig om te verander. Die ou feodaliteit van die Middeleeue was aan die verkrummel: hoofsaaklik weens die groei van bevolkings, later die ontdekking van die Nuwe Wêreld, daarmee die opkoms van groot handelstede, soos Antwerp, Genéve, Genua, ens. 'n Nuwe geldekonomie moes noodwendig — om redes van gesonde

praktiese oordeel, 'n sin vir tydgenootlikheid dus — die plek van die feodale strukture inneem.

Die kerk egter wou niks daarvan hoor nie. Van die pouslike oppergesag afwaarts het daar waarskuwings gekom teen enige deelname in die aanwending van kapitaal na die nuwe vereistes. Dit was 'n vaste **beginsel** van die Middeleuse kerk dat renderende geld uit die bose is. Hiervoor is die skrif ook tydig en ontydig aangehaal. Die kerk het die nuwe eise van die mens as ook ekonomiese mens met vasberadenheid beveg, daarmee banvloeke uitgespreek teen diegene wat in enige mate daaraan wou meedoen.

Maar soos R. H. Tawney in sy boek **Religion and the Rise of Capitalism** sê, dit het nie verhoed dat enorme ekonomiese misbruike binne die kerk ontstaan nie. Pous Alexander VI was nie slegs pous nie. Hy was ook keiser, krygsheer en kapitalis. Dit is wáár, soos Tawney sê dat die pousdom — ondanks sy hewige gesteldheid op die beskouing van 'n geldekonomie as boosheid, die grootste finansiële instelling van die Middeleeue geword het.

In hierdie yslike gebaar-sonder-inhoud het Calvyn tereg die fris lug van gesonde verstand laat waai. En gesonde verstand is presies deel van ons groot menslike gawe van vryheid. Calvyn was ook hervormer, omdat hy dit wat hy nie kon verander nie, met agting tegemoet gegaan het; omdat hy ook **dit** wou sien as stof tot heiligmaking van die mens.

Uit hierdie twee voorbeelde sien ons wat ontydgenootlikheid en wat tydgenootlikheid kan wees.

Die een het wesenlik te doen met die najaag van 'n nie-bestaande abstraksie in die waan dat dit sal red: finaal sinvol sal maak. Die ander het wesenlik te doen met 'n liefdevolle aanvaarding van God se geskape wêreld om ons: 'n moedige tegemoetgaan daarvan, in die vlees.

Die abstraksies wat ons vir onsself opbou, is die vrug van ons lewensangs: ons ongeloof: die **substitut de foi,** soos Calvyn dit noem.

So tree ons uit die geskape wêreld om ons en vind skyntroos in die nie-bestaande. 'n Sinnebeeld hiervan is die Heilige Koei van Indië, waaroor ons elders al geskryf het. Maar daar is Koeie èn Koeitjies. Die Koeie is ons glansende abstraksies in die vorm van teorieë, beginsels, ideale, eindbestemmings ens. Die Koeitjies is die abstraksies van 'n ander soort: die *trivia* van ons kleinburgerlike, burgerlike, of grootburgerlike lewe: ons gemoeid wees met eindelose onsin in die waan dat dit iets beteken: die gedoe van **status-seeking, pyramid-building, waste-making,** ens. — soos die sosioloog-joernalis Vance Packard dit in sy eie boeke stel.

Korintiers 3: 11 is hier te sake: **Want niemand kan 'n ander fondament lê as wat daar gelê is nie, dit is Jesus Christus.**

En, in vroeër en ander terme: Exodus 20 : 3: **Jy mag geen ander gode voor my aangesig hê nie.**

Dit is onmoontlik om God lief te hê en sy geskape werklikheid om ons te misken. Om waarlik tydgenootlik te wees, is dus om verlief te wees op dié ‚klip en klei' van die lewe — soos Marthinus Versfeld dit in sy mooi boek van daardie naam gestel het. Dit is in der waarheid juis die liefde.

Wat is dan nou tydgenootlike letterkunde: in die lig van wat hier gesê is oor tydgenootlikheid in die algemeen? Dit spreek vanself dat die mens, as skeppende kunstenaar op geen ander wyse tydgenoot sou kan wees as sê maar 'n skrynwerker, 'n vrugteboer, 'n sakeman, of 'n predikant nie. Hy sal hom ook in die eerste instansie in alle nederigheid en dankbaarheid tot die geskape, werklike wêreld om hom moet wend: om dáár die stof te vind waarmee hy te werk moet gaan, in sy bepaalde idioom. Ook hy sal die ‚klip en die klei' van die lewe moedig en gelowig tegemoet moet gaan en in groot eerbied daarna moet kyk.

Maar die kunstenaar — en hier het ons veral met die skrywer te doen — werk op 'n besondere manier met hierdie ‚klip en klei': hy doen iets wat hy eweneens in ootmoed en dankbaarheid moet aanvaar: hy **openbaar** dit. Want kuns is juis openbaring, soos Paul Tillich so dikwels gesê het. Die woord, of die klank, of die klip, of die verf, of die liggaamsbeweging wat kuns word, is as 't ware 'n spesiale soort **taal**: wat meer nog is as die taal van mense en engele. Dit deel mee — iets van menswees, iets van eksistensie in die geskape wêreld — wat grondeloos is. Voor hierdie diepte sidder ons; maar ons lag ons ook 'n papie, glo dit as u wil.

Alles wat nog ooit sin in groot letterkunde gemaak het, val binne die begrip van die tragies-komiese. En wat wil dit sê? Teorie is 'n vermoeienis. Dis veel beter om net weer 'n slag te kyk na twee tydelose werke — tydeloos omdat hulle so tydgenootlik was en nog altoos is. Selfs 'n vinnige blik kan u moontlik weer herinner aan iets wat u self al besin het.

Ek wil nl. iets sê oor **Moby Dick** van Herman Melville en **Don Quichote** van Miguel de Cervantes.

Ek herinner my 'n dag in 1965 toe ek aan die New England-kus by Mystic Seaport die oorspronklike model van die skip van kaptein Ahab, die **Pequod**, besoek het. Dit was die Charles W. Graham, wat oor die oseane van die wêreld gevaar en miljoene dollar se walvistraan teruggebring het na Nantucket.

Ek het daar in die noutes tussen die stewige balke van daardie ou skippie die dag gestaan en weer eens ál die vreemde avonture meegemaak van die man Ahab: hy wat besete was met 'n visioen van menslike vervulling. Ek herinner my goed hoe ek daar gestaan

en dink het dat die gelyke van die Pequod in die Suid-Afrikaanse geskiedenis — so primitief maar so geskik vir sy heroïese maar absurde taak — die wa van die Dorslander sou wees. Soos Ahab met heroïese waansin sy ideaal agternagesit oor die waterwoestyn, so ook die Dorslander oor die sandwoestyn, oor die bosvlaktes, deur die koorsmoerasse van Afrika. Die eindbestemming wat so hartstogtelik gesoek word is ook: **geluk**. Dáárvoor moet die ideaal bereik word. Maar vreemd, die ideaal word op 'n geheimsinnige wyse geleidelik dan die vyand: die presiese ontkenning van alles wat so diep en volhardend en moedig nagestreef is. In die geval van die Dorslander is dit die bittere ontdekking dat die Calvinistiese hemel op vreemde wyse iets anders — onderhorigheid in 'n katolieke land — geword het. In die geval van Ahab is dit die meer geweldadige, maar ook nog tragies-komiese ontdekking dat die Groot Wit Walvis die dood self is.

Dit is — om Ahab aan te haal — 'doubts of all things earthly', on ‚intuitions of all things heavenly' wat hom voortdryf, voortdryf— tot sy eindbestemming. Keer op keer oorleef hy die ‚heartless immensities of the world' — maar op die ou end is die einde 'n doodlooppunt.

Die see lê geheimsinnig om hom, maar Ahab het slegs oë vir die ideaal daar ver.

Die waterpluim op die horison lok hom, lok hom soos elke nuwe einder vir die Dorslander. „Stand round me, men!" Ahab cries. „Ye see an old man cut down to the stumps; leaning on a shivered lance; propped up on a lonely foot. 'Tis Ahab, his body's part; his soul's a centipede that moves upon a hundred legs. I feel strained, half stranded, as ropes that tow dismasted frigates in a gale; and I may look so. But ere I break, ye'll hear me crack; and till ye know that know that Ahab's hawser tows his purpose yet . . ."

Maar die ou man breek, ja, alles breek in die kataklismiese einde. Die Pequod sink weg in die groot waterwoestyn. Maar die arm van die Rooihuid, Tashtego, steek nog vir laas daar vanuit die diepte na bowe — om die vlag van Ahab vaster te spyker teen die nog uitstekende toppie van die hoogste mas. In dieselfde beweging kom 'n seevoël daar tot rus — en word saam vasgenael teen die sinkende hout . . . „and so the bird of heaven," sluit die verhaal, „with archangelic shrieks, and his imperial beak thrust upwards, and his whole captive form folded in the flag of Ahab, went down with his ship, which, like Satan, would not sink to hell till she had dragged a living part of heaven along with her, and helmeted herself with it . . ."

En dan is daar nog die Ridder van die Droewige Gelaat — die ander ou swerwer deur die wêreld — op soek na geluk; op soek na identiteit; op soek na homself; op soek na oorlewing, na vervulling: die krygsman van La Mancha met sy platvloerse ou volkie, Sancho,

as sy agterryer: die edelman, die heer, die held — mal soos hulle kan wees, maar nog beminlik. Saam ry die twee deur die wêreld, salig in die geloof dat hulle **iets** is, onbewus van die feit dat hulle **niks** is. Miserabele herberge word aangesien vir deftige kastele; vrekkerige waards vir vrygewige landhere; dorpshoertjies vir verfynde dames! 'n armsalige ete vir 'n luisterryke feesmaal. Die Ridder maak vir homself 'n helm van karton om sy gesig te beskerm. Hy stel dit met die swaard op die proef en sny daardeur soos botter. Hy bepeins dit alles met groot plegtigheid. Dan maak hy dit versigtig weer heel — met draad en karton. Daarop besluit hy: **om dit nie weer op die proef te stel nie.**

Dit is wat ons almal doen. Dit is die herhalende menslike situasie van elke tyd en elke samelewing: ook ons eie.

As daar 'n kunstenaar onder ons is wat dit vir ons weer bekend kan stel — aan ons kan openbaar — die yslike kloof tussen wat die mens is en wat hy so graag, so hartstogtelik wil wees: ja, dan word ons gered, in soverre as wat die mens homself kán red.

Maar die ware redding kom maar net, omdat ons nederigheid herstel word — en ons kan terugkeer tot die heelheid van menswees. Heelheid is ook heiligheid.

Tydgenootlike letterkunde is nie noodwendig eksentrieke letterkunde nie. Elke tyd het sy besondere idioom — styl, genres ens. — en dit is sy goeie reg. Die maniere verander van geslag tot geslag, self van dekade tot dekade, of jaar tot jaar. Wat nóóit verander nie egter is die broosheid — die komies-tragiese wondbaarheid — van die mens; sy eintlike onvermoë, maar ook sy vermoë: sy glorie maar ook sy vrees, soos Van Wyk Louw dit genoem het.

Angs om die bestaan lê in die murg van ons gebeentes. Geen psigiater kan dit verjaag nie. Hy kan dit maar net tydelik demp. Wat dit op die duur oortref en tot niet maak egter is die geloof. Maar die geloof vereis in eerste instansie 'n liefdevolle herontdekking van God se geskape wêreld en die mens se plek daarin. Dáártoe moet ook die letterkunde dien.

Dit volg dat alles wat ons hiervan wegvoer, wat maak dat die skrywer in sy siening aan bande gelê word, verarmend vir 'n gemeenskap en 'n letterkunde moet werk.

Dié ontvlugting kan ons rasionaliseer in die vorm van aandag buite perke aan die parogiale, die bloot-gesellige: aangename vertellings of uitbeeldings van die lewetjie om ons: prettig, boeiend selfs, nodig binne sy perke miskien, maar hééltemal onvoldoende vir die groei van enige sinvolle letterkunde. Ek kan my voorstel dat ons sulke geskrifte week na week, self dag na dag kan inneem, meegevoer kan wees, en dan totaal onskuldig sal bly van die werklike en oneindig gevarieerde lewe van hierdie land, Suid-Afrika.

en dink het dat die gelyke van die Pequod in die Suid-Afrikaanse geskiedenis — so primitief maar so geskik vir sy heroïese maar absurde taak — die wa van die Dorslander sou wees. Soos Ahab met heroïese waansin sy ideaal agternagesit oor die waterwoestyn, so ook die Dorslander oor die sandwoestyn, oor die bosvlaktes, deur die koorsmoerasse van Afrika. Die eindbestemming wat so hartstogtelik gesoek word is ook: geluk. Dáárvoor moet die ideaal bereik word. Maar vreemd, die ideaal word op 'n geheimsinnige wyse geleidelik dan die vyand: die presiese ontkenning van alles wat so diep en volhardend en moedig nagestreef is. In die geval van die Dorslander is dit die bittere ontdekking dat die Calvinistiese hemel op vreemde wyse iets anders — onderhorigheid in 'n katolieke land — geword het. In die geval van Ahab is dit die meer geweldadige, maar ook nog tragies-komiese ontdekking dat die Groot Wit Walvis die dood self is.

Dit is — om Ahab aan te haal — 'doubts of all things earthly', on ‚intuitions of all things heavenly' wat hom voortdryf, voortdryf— tot sy eindbestemming. Keer op keer oorleef hy die ‚heartless immensities of the world' — maar op die ou end is die einde 'n doodlooppunt.

Die see lê geheimsinnig om hom, maar Ahab het slegs oë vir die ideaal daar ver.

Die waterpluim op die horison lok hom, lok hom soos elke nuwe einder vir die Dorslander. „Stand round me, men!" Ahab cries. „Ye see an old man cut down to the stumps; leaning on a shivered lance; propped up on a lonely foot. 'Tis Ahab, his body's part; his soul's a centipede that moves upon a hundred legs. I feel strained, half stranded, as ropes that tow dismasted frigates in a gale; and I may look so. But ere I break, ye'll hear me crack; and till ye know that know that Ahab's hawser tows his purpose yet . . ."

Maar die ou man breek, ja, alles breek in die kataklismiese einde. Die Pequod sink weg in die groot waterwoestyn. Maar die arm van die Rooihuid, Tashtego, steek nog vir laas daar vanuit die diepte na bowe — om die vlag van Ahab vaster te spyker teen die nog uitstekende toppie van die hoogste mas. In dieselfde beweging kom 'n seevoël daar tot rus — en word saam vasgenael teen die sinkende hout . . . „and so the bird of heaven," sluit die verhaal, „with archangelic shrieks, and his imperial beak thrust upwards, and his whole captive form folded in the flag of Ahab, went down with his ship, which, like Satan, would not sink to hell till she had dragged a living part of heaven along with her, and helmeted herself with it . . ."

En dan is daar nog die Ridder van die Droewige Gelaat — die ander ou swerwer deur die wêreld — op soek na geluk; op soek na identiteit; op soek na homself; op soek na oorlewing, na vervulling: die krygsman van La Mancha met sy platvloerse ou volkie, Sancho,

as sy agterryer: die edelman, die heer, die held — mal soos hulle kan wees, maar nog beminlik. Saam ry die twee deur die wêreld, salig in die geloof dat hulle **iets** is, onbewus van die feit dat hulle **niks** is. Miserabele herberge word aangesien vir deftige kastele; vrekkerige waards vir vrygewige landhere; dorpshoertjies vir verfynde dames! 'n armsalige ete vir 'n luisterryke feesmaal. Die Ridder maak vir homself 'n helm van karton om sy gesig te beskerm. Hy stel dit met die swaard op die proef en sny daardeur soos botter. Hy bepeins dit alles met groot plegtigheid. Dan maak hy dit versigtig weer heel — met draad en karton. Daarop besluit hy: **om dit nie weer op die proef te stel nie.**

Dit is wat ons almal doen. Dit is die herhalende menslike situasie van elke tyd en elke samelewing: ook ons eie.

As daar 'n kunstenaar onder ons is wat dit vir ons weer bekend kan stel — aan ons kan openbaar — die yslike kloof tussen wat die mens is en wat hy so graag, so hartstogtelik wil wees: ja, dan word ons gered, in soverre as wat die mens homself kán red.

Maar die ware redding kom maar net, omdat ons nederigheid herstel word — en ons kan terugkeer tot die heelheid van menswees. Heelheid is ook heiligheid.

Tydgenootlike letterkunde is nie noodwendig eksentrieke letterkunde nie. Elke tyd het sy besondere idioom — styl, genres ens. — en dit is sy goeie reg. Die maniere verander van geslag tot geslag, self van dekade tot dekade, of jaar tot jaar. Wat nóóit verander nie egter is die broosheid — die komies-tragiese wondbaarheid — van die mens; sy eintlike onvermoë, maar ook sy vermoë: sy glorie maar ook sy vrees, soos Van Wyk Louw dit genoem het.

Angs om die bestaan lê in die murg van ons gebeentes. Geen psigiater kan dit verjaag nie. Hy kan dit maar net tydelik demp. Wat dit op die duur oortref en tot niet maak egter is die geloof. Maar die geloof vereis in eerste instansie 'n liefdevolle herontdekking van God se geskape wêreld en die mens se plek daarin. Dáártoe moet ook die letterkunde dien.

Dit volg dat alles wat ons hiervan wegvoer, wat maak dat die skrywer in sy siening aan bande gelê word, verarmend vir 'n gemeenskap en 'n letterkunde moet werk.

Dié ontvlugting kan ons rasionaliseer in die vorm van aandag buite perke aan die parogiale, die bloot-gesellige: aangename vertellings of uitbeeldings van die lewetjie om ons: prettig, boeiend selfs, nodig binne sy perke miskien, maar héél temal onvoldoende vir die groei van enige sinvolle letterkunde. Ek kan my voorstel dat ons sulke geskrifte week na week, self dag na dag kan inneem, meegevoer kan wees, en dan totaal onskuldig sal bly van die werklike en oneindig gevariëerde lewe van hierdie land, Suid-Afrika.

Is dit nodig dat ons ook, soos al tevore gedoen is, moet waarsku dat wanneer die skrywer òf deur sensuur, òf deur perssensuur, aan bande gelê word om inderdaad ál die koeie en koetjies van ons eie tyd en samelewing in 'n naakte lig te sien — nie omdat hy dáártoe mense aan die kaak wil stel nie, net maar omdat hy noodwendig ook hier te doene het met die mens binne sy werklike, konkrete gegewe — dit ons hele nasionale lewe uiteindelik moet verskraal en op die duur moet laat versand?

As die absolute beheer deur 'n raad oor piesangs e.d.m. so vol slaggate kan wees, hoeveel te meer die beheer oor die dinge van die gees nie.

Maar natuurlik: vir die produkte van die porno-fabrieke, wat 'n magtige bedryf — miskien die grootste van alle eeue — uit seks gemaak het, kan daar wat my betref drastiese harde maatreëls van owerheidsweë bestaan. Hier het ons te doen met die misbruik van iets: die menslike liggaam, wat tot handelsartikel gemaak is soos nog nooit tevore nie. Dit is boosheid. Ek meen egter dat ons hierdie dinge véél beter sou kon keer deur 'n stelsel van spesiale howe waarin mense, geskool in die reg, vinnig en doeltreffend sou kon optree teen derglike praktyke.

Die lastigheid met rade egter is die ou laai van die mens: burokrasie. Dit is onvermydelik dat ons ook op dié gebied regering deur amptenare sal kry, wanneer ons 'n raad, wat nie binne 'n vaste en eerbiedwaardige tradisie soos die reg aangestel is nie, met werk van sulke betekenis belas.

Ek wil pleit vir 'n herorganisasie van kontrole, sodat ons binne die dissipline van mense wat gegradueer het tot regtelike funksies, 'n meer bevredigende beheer sal kry. Die voor en teë van werke sal dan in die openbaar bepleit kan word, en geregtigheid sal sigbaar wees vir almal.

Dit is juis die angsvolle poging van die mens om die lewe finaal in Cartesiaanse terme vas te lê, in bloudrukke, wat ons ongeloof verraai. Dit is juis die funksie van tydgenootlike letterkunde om ons te herinner aan die onvermoë van die mens, aan die onberekenbaarheid van die lewe.

Alles in die lewe is logies en positief — behalwe die mens. Want hy en hy alleen van geskape dinge ontwaar die glansende misterie van geskape dinge.

TOESPRAAK VAN DIE STAATSPRESIDENT BY GELEENTHEID VAN 'N EETMAAL WAT DEUR DIE STADSRAAD VAN STELLENBOSCH TER ERE VAN DIE AFRIKAANSE SKRYWERSKRING AANGEBIED IS: STADSAAL, STELLENBOSCH: 7.30 NM. DONDERDAG 8 APRIL 1971.

Ek weet dat die swakste smaak wat 'n gasspreker ooit kan openbaar, is om vir homself verskoning te maak en daarom gaan ek nie vir my, as 'n plaasboer, verskoning maak omdat ek 'n dinee van die Afrikaanse Skrywerskring kortliks moet toespreek nie. Ek, as boer, en julle, as skrywers, is almal produsente. Die verskil is net dat julle, as skrywers, die geoefende en ordelike denkers van die Afrikaanssprekende deel van ons nasie is wat vir ons studiemateriaal en leesstof, ons opvoeding, moet produseer. Dit is voorwaar een van die mooiste take, een van die belangrikste, ja, een van die edelste take te bedenke, maar daar is tog 'n sterk ooreenkoms tussen u basiese taak en myne as boer.

Indien ek, as boer, nie die regte voedsel produseer nie, moet julle met vreemde, ingevoerde of onsuiwer voedsel gevoed word, en presies dieselfde is waar van ons Afrikaanse skrywers. Nou, wat kan ons van julle verwag?

Ek, as boer, moet produseer wat die mark nodig het vir die fiesiese gesondheid van ons nasie — dit is basiese plig. As die behoefte graanprodukte is, moet ek graan produseer; indien daar 'n sterk behoefte is aan vleis- of suiwelprodukte, moet ek dit produseer, so nie het ek, as Vrystaatse boer, 'n swak plaas, of ek is 'n boer sonder besieling, of ek word deur 'n droogte in die wiele gery.

Julle is die produseerders van volksmoraal en gedagtes. Wat moet ons, as verbruikerspubliek van jul produkte verwag?

Indien julle nie deur 'n verstandelike droogte in die wiele gery word nie, dan verwag ons van julle skrywers daardie geestelike voedsel wat ons nasie op hierdie tydstip van ons bestaan nodig het. Ek sou 'n moorddadige swak boer wees indien ek myself wil verryk deur maar net voort te gaan om 'n oormaat gifstowwe oor my vrugteboorde, my groentetuine en my graanlande te spuit om sodoende groter produksie tot my persoonlike finansiële voordeel, maar ten koste van my volksgesondheid, te produseer. Daarom moet daar ter wille van die moedswillige boer wetgewing en organisasies wees om hom te beheer. 'n Man kan nie maar net op jou eie plaas met jou eie produksiemetode jou eie nasie vergiftig nie.

Ja, ek het as boer nie die reg of die vryheid om op my eie plaas met my eie klip my eie nasie se gesondheid te vermink nie. My vergiftigde produkte sal geleidelik die fisiese kragte van my volk verlaag. Dit sal natuurlik 'n groot tragedie wees, maar 'n groot geleerde het 'n groot onomstootlike waarheid só uitgedruk. Hy het gesê:

„The true standard of quality is seated in the mind." Ja, die werklike krag van 'n nasie lê in sy geesteswaardes. Daarom glo ek dat geen skrywer die morele reg het om met sy eie klip in sy eie verstand in sy eie boek sy eie nasie te vermink nie. Dit sou veral moorddadig wees om ter wille van persoonlike gewin en groter afset jul produkte met geestelike gif te bespuit. Net soos die moedswillige boer deur wetgewing in bedwang gehou word, so moet ook die weghardloop-denkers se geestelike gifbespuitings deur sensuur onder beheer gehou word. Dit is só waar dat wat die skrywers saai, dit is wat die nasie maai. Onthou die son wat so nodig is vir ontwikkeling, is ook skuldig daaraan dat die aas stink. Vooruit-denke of die té progressiewe denke van die vooruithardloper denker is ook die oorsaak dat 'n degenerende nasie onwelriekend word.

Ek sê as die nasie meer vleis nodig het, produseer ek meer vleis, as hulle meer graan nodig het, dan produseer ek meer graan, of ek word deur 'n droogte belemmer.

Ek kan nie aanvaar dat ons Afrikaanse skrywers 'n tydperk van verstandelike droogte deurmaak nie. Op elke gebied maak ons in die Republiek van Suid-Afrika reuse vordering — 'n bewys dat ons in die land nie 'n droogte van verstandelike vermoëns het nie. Ons weet ons taal word vandag nog verryk deur sommige van die beste werkers in Afrikaans van alle tye. Werklike groot geeste en puik skrywers. Ons plaas is nie sleg nie — daar is seker min nasies in die wêreld wat vandag nog meer vatbaar is vir die ordelike en die mooi dinge van die lewe. Maar ons lewe nietemin in 'n wêreld waarin geestelike afstomping aan die toeneem is. Ons leef in 'n wêreld waarin 'n degenererende mensdom deur die son van oormatige vryheid begin stink. Ons enigste redding in hierdie tydperk waarin ons leef, lê daarin dat ons volksmoraal verhoog moet word. Ons het 'n basiese behoefte aan geestelike diepte. Ons het dus die reg om van ons skrywers te verwag om daardie geestelike waardes — die krag van 'n nasie — te versterk. Ons kunsskatte in hierdie lieflike vaderland van ons, moet verheffend wees. Ons weet dat vir die voortbestaan van die beskawing op hierdie vasteland van ons, ons daarin moet slaag om die onbeskaafde massas, wat so dikwels nog die toon aangee in Afrika, op te hef tot 'n beskawingspeil wat die lewe verhoog en nie verlaag nie. Dit is dus ons plig om 'n voorraadopname te maak van die opvoedingskatte wat ons produseer. Indien leesstof alleen daarop toegspits is om ontspanning te gee, het dit 'n waarde — alhoewel 'n uiters beperkte waarde — maar as dit daarop toegespits is alleen maar om sensasie en wellus te bevredig, dan het dit 'n vergiftiging geword waarsonder ons kan klaarkom — veral wanneer ons, wat uit 'n volksgevoel lees, nog meer vir daardie boeke betaal as waarvoor ons ingevoerde gif te koop kan kry. Ek wil aan die hand doen dat daar 'n raad ingestel word wat nie die vergiftigde leesstof by name noem nie — dit moet dood geswyg word — maar wat die opbouende leesstof, die moraalverheffende leesstof, publiseer en by name noem.

Baie mense sal miskien sê dat dit die tirade van 'n ou man is, maar ek sal my eie gewete aan bande lê, my eie gewete verkrag, ja, my eie gewete besoedel, as ek nie op hierdie stadium waarsku teen alle middels, veral leesstof, wat ons volkskarakter afstomp nie. U sal miskien sê: „Maar kyk hoe begaan is die ou man oor die slegte boeke. Daar is mos goeie boeke én slegte boeke. Waarom met soveel klem die slegte boeke benadruk?" Ek doen dit omdat ek weet dat 'n redelike mate van gesonde voedsel met gif gemeng, tot die dood kan lei. U kan vir my sê dat ek bekrompe is en nie weet wat kuns is nie — ja, dat ek te outyds is om die kunsontploffing van vandag te waardeer. Dit mag volgens sommige se menings so wees, maar dan sê ek nog dat ek nie kon begryp waarom, byvoorbeeld, 'n speurverhaal besoedel moet word deur die „he-man"-gedagte te skep deur die oormatige gebruik van sterk drank asof dit so behoort te wees nie, of waarom 'n novelle ontsier moet word deur sommer so in die verbygaan kamergebeurtenisse aan te roer asof dit tog maar sommer alledaags is nie — die mees subtiele wyse van moraalvervlakking waaraan ek kan dink. Ja, waarom is dit wat morsig is, dit wat gewaagd is, juis vir so baie, kuns? Waarom is 'n beeld van 'n mooi vrou, wat veredelend kon wees, nie meer kuns nie, maar wel 'n gedrog sonder kop of net een skeeloog en een met pokke-ontsierde bors?

Waarom moet 'n skrywer leesstof van 'n aard produseer wat vir u en vir my met teësin, nee met verdriet en walging sou vervul indien ons kinders so sou handel? Die bewering, dat die sogenaamde vergiftigde dinge waarteen ek dit het, bestaan en daar is en almal daarvan weet en dit daarom maar net die natuurlike is wat natuurlik voorgestel word, gaan nie op nie. Giftige spuitstof is daar en is iets wat orals in die land verkoop word, maar die verkeerde of oordrewe toediening daarvan mag nie toegelaat word nie. Nee, mede-Afrikaanssprekende Afrikaners, ek wil vanaand in hierdie kort boodskap wat ek gevra is om te lewer by julle verhewe en geoefende denkers met die mooi gawe van God om jul gedagtes pakkend te kan uitdruk, pleit om op hierdie tydstip van morele vervlakking dit te produseer waaraan die nasie op hierdie moment behoefte het. Laat elkeen met die pragtige skrywerstalent tog help om verheffing in hierdie tydperk van naderende nasionale nood te lewer. Dit kan tog nie te veel verwag wees nie om van elke intelligente vaderlander te verwag, om, na die skrywe van elke hoofstuk, dié vraag aan hom-of haarself te stel: „Sal hierdie geskrewe hoofstuk my nasie moreel, sowel as verstandelik, verhef, of sal dit hulle maar laat voortsleep op die pad van ‚Laat begaan', of gaan dit meedoen aan 'n proses van nasionale besoedeling en ontbinding?"

Ek wens ek kan elke jaar 'n goue plaat laat aanbring in die onmiddellike nabyheid van ons komende taalmonument met die naam van die mees verheffende boek van daardie jaar daarop aangebring. Wyle genl. Hertzog het gesê: „Armes mag kom en armes mag gaan, maar dit is waardigheid waarmee die Afrikaner die oorwinning sal behaal". Laat ons skrywers se wagwoord „waardigheid" wees.

H. J. SCHEPERS

LEKPLEKKE

Op Hans le Gransie se kleim het dit gedreun en gewoel op dié Vrydagmore. Dit was maar altyd baie druk waar hy ookal gewerk het. Die laaste delwer het hom daarvoor geken. Dis al jare dat hy op die delwery die paar diep kleims ontgin. Hy het sy eerste kleim in die groot „rush" gepen, en diamante wat hy sommer in die begin daaruit gehaal het, het hom in die vermoë gestel om „groot te werk." Hy het dadelik die beste masjinerie gekoop en werklone betaal wat 'n bietjie hoër as die gewone was om sodoende die beste werkvolk te bekom. Hy het kragaangedrewe hyskrane en -wasmasjiene gebruik en al sy herstel- en smidswerk self gedoen sodat hy deur al sy medewerkers bewonder is. Hy was bekend as 'n duiwel om te laat werk. En Hans le Gransie was op sy beurt trots daarop dat almal 'n hoë dunk van hom en sy werkmetodes gehad het.

Hy het ook met oorleg gewerk, dit gelukkig getref en stadigaan sy bure wat nie die „diepgrond" kon bewerk nie uitgekoop, of as hulle lisensies verval, het hy hulle kleims „oorgepen". Hy was nie baie haastig nie. Dit was eers na vyf jaar dat hy eindelik sy ses kleims in 'n blok besit het. Toe het hy stelselmatig gewerk. Hy het altyd die „rof" en„ teilings" in die uitgewerkte gate laat inloop en daardeur homself baie tyd en koste gespaar. Hy was streng, handig, vernuftig en gelukkig, dié Hans le Gransie.

Maar die agting en eerbied van sy vriende en mededelwers was gemeng met 'n smakie van wantroue. Dat hy gelukkig was, en daarby geldelik sterk genoeg om lang tye van „blênks" te trotseer, sonder om dit blykbaar te voel, het almal toegegee. Maar waarom sou hy alleen in daardie kol so goed maak? Daar was niemand wat ooit naby hom 'n bestaan kon gemaak het nie. Selfs 'n ryk maatskappy wat naby aan sy kleims kom delf het, kon maar net 'n paar maande uithou. Hy het self ook 'n paar keer uitgetrek en in die vlak grond gaan delf. Hy het egter altyd sy kleimlisensies betaal om daardie grond te behou.

Die laaste keer het hy werklik goed gedoen. Hy het 'n span van vier-en-twintig naturelle in die vlak gruis laat inval, en twee wasmasjiene van smorens vroeg tot saans laat loop. Die diamantgruis wat hy in 'n week verwerk het, sou 'n gewone delwer nie in 'n maand of twee kon baasraak nie. Hy het sommer 'n paar blênks agter die rug, het sy maats onder mekaar gesê. En toe het hy 'n paar growwe steentjies gekry en is hy, soos te wagte, weer reguit na die diep kleims toe.

Dié Vrydagmore het die petrolmasjiene op die kleim gedreun. Die volk het so stilweg gewerk. Hulle het net met die hande tekens gegee en alles het hulle gang gegaan. Hans le Gransie het so tussen die wasmasjien en die gat waar die pikboois werk, geboer. Die stuk-

kie pad wat hy loop, was uiters twintig tree lank maar dit was stof getrap so tussen die ronde klippe. Die naturelle wat die emmers vol gruis laai, die wat die gruis loskap, die wasmasjienboois, ja almal behalwe die hyskraanbestuurder was blink van die sweet. Werk hulle dan nie vir Hans le Gransie nie? Hulle voel self dat dit 'n eer is om vir Hans le Gransie te werk. Al die delwers dink hy het die beste werkvolk, en al die volkies weet dat hulle meer as die vasgestelde loon ontvang.

Met 'n kennersoog sien Hans le Gransie dat die gang van die werk bevredigend is. Maar dis Vrydagoggend. Hy was al om sewe-uur op die mark. Die afgelope week in die „diepgrond" was nie lonend gewees nie. Hy moes inbetaal om die koste te dek, en alhoewel die vorige weke se voordeel groot was, voel hy glad nie gelukkig nie. Soos hy daar staan op die randjie van die tagtig-voet hoë wal, voel hy nukkerig, wrewelrig. Alles vorder goed behalwe die diamante. Hoe kan dit wees dat daardie roeslaag nie betaal nie? Daarin het hy nog altyd diamante gevind, al het hulle yl gelê. Hy moes 'n paar keer al sy toevlug na ander delfplekke toe neem. Nogtans het hy al so lank hier blênk geloop dat dit nou hoog tyd is dat hy weer 'n diamant vind om sy skulde te delg.Skuld is dit darem nie regtig nie, want hy skuld niemand iets nie. Maar geld wat in die delwery ingesteek is, is vir hom skuld.

Sy valkoë gaan van die een werksplek na die ander. Ja, elke plekkie waar 'n naturel besig is, is 'n moontlike lekplek. Daar is oë wat die diamante kan sien en hande wat hulle kan steel. Hy vertrou ook nie een van die swartvelle in sy diens nie, al werk hulle al jare vir hom. Ingedagte gaan hy op sy hurke sit en terwyl sy oë van die een na die ander plek spioen, maal die gedagtes aan werkvolk en hulle betroubaarheid deur sy hoof. Die swak opbrengs van die week se arbeid het hom gekwel. Die beloftes van die mooi gruis wat hy verwerk, het hom nog vinniger as voorheen laat werk. Vanmore nog voordat hy mark toe is, het hy sy baasbooi by die agterdeur nuwe opdragte gegee. En hulle is uitgevoer. Die span blink van die sweet, maar wat help al die gewerskaf? Die werkers moet vanmiddag betaal word en daar is nog geen diamant nie. Die een omblik voel hy gelukkig met sy span, maar die volgende een het sy gedagtes 'n ander rigting ingeslaan.

Jy kan niemand met 'n diamant vertrou nie. Daar was nog net een persoon in sy lewe wat hy vertrou het. Dit was klein Davidz wat sy boois opgepas het. Het hy dan nie een more 'n twee-en-dertig karaat blou-wit diamant aan hom oorhandig nie? Hy het Davidz geen ekstra beloning gegee nie want hy het mos 'n weeklikse loon ontvang. Die mense het gesê dat hy gemeen was om die jongman niks te gee nie. Maar hy wat Hans le Gransie is, betaal net loon.

Jy kan maar niemand vertrou nie! Hoe weet hy of Langjan, sy wasbooi, nie ook sy diamante steel nie? In die ses jaar wat Langjan nou al vir hom werk, het hy nog niks gedoen wat hom kwaad

gemaak het nie. Die jong trap in sy spoor, nogtans vertrou hy hom nie, bly hy maar agterdogtig. Langjan sal mos 'n gesteelde diamant aan ander delwers gaan verkoop. Het verskillende naturelle hom dan nie ook al met diamante genader nie? Hoeveel keer was ou Harris se wasbooi nie al by hom met mooi klippe nie? En 'n paar van die mooiste klippies wat hy verkoop het, het nie uit sy kleim uitgekom nie Hy troos homself met die gedagte dat hy nie weet wie se skade dit was nie, en dat as hy dit nie gekoop het nie iemand anders dit tog sou gekoop het. Maar dis waar hy ook skade ly, daarvan is hy nou nog meer as ooit tevore bewus. Daarom sal hy van nou af nog waaksamer wees, nog strenger. Hy sal sorg dra dat niemand anders sy diamante in die hande kry nie, maar as hulle te stadig of te sleg is om altyd te waak, sal hy nie sy kans laat verby gaan om hulle diamante te koop nie, want hulle sal syne koop as hy nie oppas nie.

Daarmee stap hy na Langjan toe, waar hy met 'n spyker die gate in die klassif groter oopboor. Die verhouding tussen die twee is saaklik.

„Hoe lank loop die masjien nou al, Jan?"
„Ek skat dis al 'n uur, Baas."
„Nou ja, dan kan jy nou maar tap."
„Goed, Baas."

Met 'n paar hale was al die emmers en siwwe op hulle plekke en toe het Langjan die modderwater en gruis uit die masjien deur sy vingers in die tapemmer laat spoel. Hans le Gransie staan maar weer op die wal. Hy sien die blink sweet op die kaal bolywe van die pikboois wat effe van die wal af teruggestaan het sodat die los gruis gelaai kan word. Die hyskraandrywer is darem 'n knap naturel, dink hy, en toevallig die enigste een wat nie met die gruis in aanraking kom nie. Hoe presies is hy op die motor en hoe akkuraat sy bewegings! Teen dié tyd is die emmers op die gruisplatform en werk twee naturelle die pap modderige mengsel met grawe in 'n geut in wat na die wasmasjien loop. Hulle vertrou hy nie! Hulle kanse om sy diamante te steel is te goed. Maar hy moet gaan kyk hoe Langjan die siwwe was.

Hy draai in sy spore om en gewaar hoe die lang geel arbeider die sif gruis skuins teen die wasbalie laat leun sodat die meeste water afloop voordat dit op die sorteertafel omgeslaan word. Hy merk hoe Langjan enkele growwe klippies uit die sif uithaal en eenkant neergooi. Sulke klippies kan lastig wees as die gruis gesorteer word, maar al die jare keur hy dit af dat sy wasbooi die klippe verwyder. Alle delwers stem saam dat die wasbooi sy vingers uit die sif uit moet hou. Vandag sal hy Langjan vir die laaste keer waarsku om nie in die sif te vat nie. Terwyl hy nader stap, kom daar 'n wrewel in sy siel op dat hy dan soveel keer met die bantoe oor dieselfde saak moet praat. Die lang geel kaffer moet vir hom, Hans le Gransie, luister, so nie breek hy hom nog.

Toe hy halfpad is, stap Langjan na die sorteertafel toe en slaan die sif se inhoud behendig op die blad om. Maar Hans le Gransie stap na die wasbalie en beskou die klippies wat die naturel daar neergegooi het. Met 'n woede wat hom byna rasend maak, merk hy 'n diamant soos sy duimnael se grootte tussen die nat bantoms lê, presies waar Langjan hulle neergegooi het. Toe Langjan omdraai, het Hans le Gransie al gebuk en die klip opgetel. Albei se bewegings was toe blitsvinnig. Die beste man sal hier wen!

Die delwersgereedskap staan so op die beperkte oppervlakte rond dat mens alleen langs vaste paadjies beweeg. Daar is slegs een pad uit en dis langs die steil skuins wal van die uitgewerkte kleim af na die grootpad toe. Aan die een kant is die loodregte wal seker tagtig voet hoog en aan die anderkant is die teilinggat waarin die dik geel potkleimodder staan. Langjan spring in die paadjie maar Hans le Gransie het dit verwag en was hom voor. Die twee pak mekaar; Hans le Gransie in sy woede om dood te vat en Langjan in sy benoudheid om homself te weer. Met die geweld van sy voordeel aan gewig smyt hy die skepsel teen die grond neer maar word deur die lenige lang bantoe neergetrek grond toe waar hulle verwoed na mekaar se kele gryp en vervat, skop en vasskop, en van inspanning steun. Die masjienbooi skree, bring sy motor tot stilstand en nael na die gelykte waar die twee worstel en rol. Hy was net betyds om te sien hoe die twee in woeste stryd van die wal af in die teilinggat intuimel. Die swaar modderwater gaap waar die twee liggame in 'n doodsgreep die oppervlakte raak, en sluit dan met trae borrels oor die nog worstelende vorms. Onmiddellik stort die deurweekte gruiswal op die moddergat in en daar staan die verdwaasde naturelle wat nou van orals vandaan uitklouter mekaar en aangaap. Na 'n sekonde of twee besef hulle die toestand, spring regs en links om gereedskap te kry en hulp te roep. Die grawe lê onder in die kleim! 'n Paar skree soos bantoes in geval van nood alleen kan skreeu.

Om 'n paar ton gruis te verwyder sou vir die geoefende delwersvolk 'n kleinigheid gewees het, want van alle kante stroom daar blankes en naturelle na die toneel van die ramp. Maar die suigende dik slik! Ervare manne laat dadelik die een wal van die modderdam deurgrawe en toe die dik drilsel stadig weg beweeg, spring alle hande met grawe aan die werk. Party staan nog kniediep in die modder en word verhinder om hulle beste te lewer, terwyl almal gevaar loop om elke oomblik self toegeval te word deur die walle waarop die getal nuuskieriges elke oomblik nog aangroei.

Toe dit sterk skemer was en honderde babbelende donker mensefigure in verskillende rigtings oor die gruishope beweeg, ry 'n paar karre met skerp ligte oor die onegalige veldpaadjie agter die ambulans met die twee lyke aan. Agter hulle op Hans le Gransie se kleim lê alles deurmekaar, maar nou is dit daar stil, doodstil.

JOHANN MOSTERT

Jy is in die nag
afwesig
soos die polsslag
van 'n handomvoude diertjie

voel ek jou nie aan kussings
of koue plekke
nie, maar
aan intieme gesprekke
soos aan-die-slaap-sussings
van reën in die geut

ken ek jou onteenwoordigheid
aan die slaap-uur
en aan vergeet
se vergeefsheid
omdat ek jou gewig nog dra

en jou stem maak my
'n bushalte-reisiger van die dae

Paas-geseën
en Paas alleen
soek ek vanmôre na jou
soos kinders paaseiers
en drink by die twee-stoel tafeltjie
koffie soos ons daarvan hou

ek sien jou hande
om die koppie gevou
en die ingedagte tande
wat aan jou onderlip kou

asof dit gister is
boots ek ons gesprekke na
die hele oggend lank
met antwoord en nog vrae vra
maar die hartseer
kry my beet
wanneer ek
jou paaseier ook eet